

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 20, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2020 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## Die Prins van Vrede

*Dit was uiteindelik verby!* Die Japannese het op 15 Augustus 1945 oorgegee en vir die eerste keer was daar vrede in die wêreld sedert Adolf Hitler, Pole byna ses jaar tevore binnegeval het. Die volke het nie almal tegelykertyd tot die oorlog toegetree nie en die Europese en Stille Oseaan krygstonele van militêre optrede het enkele maande uitmekaar geëindig, maar in Augustus 1945 was die “wêreldoorlog” verby. Sedertdien het 75 jaar verstryk.

Die vrede was egter van korte duur. Minder as vyf jaar later het Noord-Korea Suid-Korea binnegeval en nog 'n belangrike konflik het gevolg. Daarna, in Mei 1954, het die Franse beheer oor Viëtnam verloor. Dit was die begin van 'n meer direkte betrokkenheid deur die Verenigde State en ander lande wat uiteindelik uitgeloop het op wat as die Viëtnam-oorlog bekend staan, 'n tyd van vernederende verlies en interne verdeling in die V.S. geskiedenis. Ander struwelings het in Asië en Afrika plaasgevind ten einde koloniale oorheersing af te skud. Sedertdien het nog meer konflikte plaasgevind.

Die mensdom mag as geheel na vrede smag, maar oorlog is duidelik die gunsteling spel van te veel van hulle. Nietemin, die boodskap van die *Wêreld van Môre* is dat **daar vrede na hierdie wêreld wat in chaos is sal kom**. Menslik gesproke

is dit onmoontlik, soos dit deur die geskiedenis bewys is. Tog dink elke generasie dat hulle die weg sal kan vind om uiteindelik vrede te bewerkstellig. In my uitsending “*The End of War*” wat in Oktober 2020 gebeeldsend is, haal ek aan uit Robert Kagan se 2018 boek, *The Jungle Grows Back*. Kagan skryf van diegene wat net soos die Britse skrywer en politikus Norman Angell in 1909 van mening was dat die wêreld se groot moondhede “uitbeweeg het op daardie stadium van ontwikkeling” toe daar nog aangeneem is dat militêre oorwinnings wesenlike voordele vir enige volk sou kon inhou:

[Diegene wat hierdie mening huldig] kon hulle nie voorstel dat die wêreld se voorste handelsmoondhede, wat so interafhanklik in die moderne wêreld-ekonomie is, oorlog sou voer vir sulke primitiewe doelstellings soos grondgebied en militêre oorheersing nie, dat hulle nîe geïnspireer sou word deur rasonale inagneming van belange nie, maar deur vrees, trots en ambisie en dat oorlog die entoesiastiese steun van hulle mense sou geniet wat aangevuur is deur nasionalisme en die stamstelsel (bl. 16-17).

Angell het hierdie mening uitgespreek slegs vyf jaar vóór die Eerste Wêreldoorlog – 'n konflik wat die

V.S. president, Woodrow Wilson genoem het, die “oorlog om alle oorloë te beëindig”. Wilson se verwagting van vrede was net so onrealisties, want bietjie meer as twee dekades later was die wêreld in 'n veel groter konflik gedompel.

Waarom is die boodskap van *Die Wêreld van Môre* dus 'n boodskap van vrede? Verkeer ons onder 'n wanindruk? Leef ons in 'n “droomwêreld”? Op grond waarvan kan ons met oortuiging so 'n voorspelling maak, naamlik dat daar vrede gaan kom?

### Waarom Jesus gekom het – in Sy eie woorde

Baie mense glo dat die doel van Jesus se eerste koms was om vrede oor die hele wêreld te bring, maar hulle sal geskok wees om te lees dat Jesus self gesê het: “Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie, maar die swaard” (Matthéüs 10:34).

Hoe strook dit met die bekende profesie dat die Messias die “Vredevoers” sou wees (Jesaja 9:5)? Die antwoord kan gevind word in die tydskerekening en fokus van hierdie twee Skrifgedeeltes.

Jesus het Sêlf besef dat Sy ware boodskap aan die mensdom nie gewild sou wees nie. Hy het gewaarsku dat om Hom te volg, dikwels 'n moeilike reis met min vriende sou beteken.

Nadat Hy verduidelik het “'n mens se huisgenote sal sy

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – Die Prins van Vrede

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Is “Big Brother” aan die kom? 3

Die pandemie is besig om deur middel van tegnologie wat privaatheid skend, die weg te baan vir die vervulling van profesie.

#### Staan Amerika voor 'n tweede burgeroorlog? 9

Die geweld wat in die V.S. se strate ontstaan het die wêreld se aandag aangegryp. Watter magte het die nasie tot op hierdie punt gebring?

#### Streef na die barmhartigheid van Christus 15

#### Kan u vergewe word? 16

Kan 'n mens so 'n ernstige sonde doen dat redding vir ewig onmoontlik is? Dit is nodig dat u die waarheid omtrent vergifnis verstaan.

#### Die Slag van Brittanje: Goddelike ingryping 21

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde 23

#### Die werke van Sy hande 24

Besoek ons webwerf by:

[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)

of vir Engelse literatuur:

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Gerald E. Weston

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Kuns Redakteur

John Robinson

### Besturende Redakteur

Wallace Smith

### Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Peter Nathan (Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekskantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

Box 111, Berkeley Square

London, W1J 5FJ

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 086 607 7398

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die gratis verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God

Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Is “Big Brother” aan die kom?

Deur Rod McNair

*Die vooruitgang in tegnologie wat privaatheid skend is vinnig besig om die weg te baan vir die vervulling van profesie.*

Meer as 70 jaar gelede in 1984, het George Orwell in sy roman geskryf oor 'n nasie wat deur 'n totalitêre diktatorskap beheer word. Deur gebruik te maak van kameras, spioene, intimidasie en sielkundige manipulasie, het die regering – wat deur “*Big Brother*” verpersoonlik word – probeer om bykans totale beheer uit te oefen oor mense se bewegings, gedrag en selfs gedagtes. Die uitdrukking “*Big Brother is watching you*” het hierdie onderdrukkende vlak van regeringstoegas beskryf. George Orwell was 'n insiggewende waarnemer van die wêreld en hy het die moontlikheid raakgesien van 'n regering wat al hoe meer onderdrukkend kan raak en die lewens van elke persoon oorheers.

Is dit moontlik dat Orwell se voorspellings verwesenlik kan word? Neem sommige van die profesieë van die Bybel in aanmerking. Die apostel Johannes het oor die toekoms geskryf en in Openbaring opgeteken dat hy in visioene twee wreedaardige diere gesien het. Een dier het uit die see opgekom en die ander een het uit die aarde opgekom. Bybelgeleerdes verstaan dat hierdie diere menslike leiers is wat mag oor die nasies sal uitoefen. Hulle mag sal aan die

einde van hierdie tydperk 'n hoogtepunt bereik, wanneer hierdie onheilige bondgenote [tussen kerk en staat] ongewone en verreikende beheer oor mense se lewens sal uitoefen. Hulle sal mense selfs dwing om 'n geheimsinnige merk te aanvaar, waarsonder hulle wesenlik van die samelewing afgesny sal wees.

Is dit moontlik dat ons beheer oor ons wil en ons lewens verloor of prysgee? Sal 'n “*Big Brother*”-stelsel regtig op die aarde ontstaan? Indien wel, hoe kan ons ons daarop voorberei?

## **Diere uit die see en die land**

Die boek van Openbaring stel hierdie twee diere aan ons bekend. Hierdie is wat Johannes van die eerste dier geskryf het: “En ek het 'n dier uit die see sien opkom met sewe koppe en tien horings, en op sy horings tien krone en op sy koppe 'n naam van godslastering” (Openbaring 13:1).

Wanneer ons hierdie Skrifgedeelte met Daniël 7 in die Ou Testament vergelyk, is dit duidelik dat hierdie dier uit die see 'n kombinasie van vier wêreldoorheersende koninkryke is wat op die Romeinse Ryk uitgeloop het. Die Romeinse Ryk het in 476 n.C. tot 'n val gekom – dit is die dodelike wond wat in

Openbaring 13:3 beskryf word. Ons lees ook in vers 3 dat die dodelike wond van die dier genees is. Dit verwys na die herstel van die ryk onder Justinianus in 554 n.C. met behulp van die pous in Rome. Hierdie herrese Romeinse Ryk sou opeenvolgende herlewings hê en sal sy finale verskyning in die eindtyd maak.

Johannes beskryf die tweede dier wat uit die aarde opkom: “EN uit die aarde het ek 'n ander dier sien opkom, en hy het twee horings gehad net soos 'n lam en het gepraat soos 'n draak” (Openbaring 13:11). Hierdie kragtige dier verteenwoordig 'n godsdienstige leier wat groot wonders doen om die massas te mislei. Hy stel homself voor as 'n verteenwoordiger van Christus, maar verkondig 'n heel ander boodskap – die woorde van 'n draak.

Hierdie twee duistere “dier”-moondhede werk saam om die bevolking te dwing om 'n identiteitsmerk te aanvaar, soos Johannes verduidelik: “En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of

die getal van sy naam het” (verse 16-17).

Is hierdie “*Big Brother*” aan die kom? Dit klink baie soos Orwell se samelewing van 1984. Dink aan die versmorende onderdrukking van persoonlike regte wat hier beskryf word. Dit is skokkend om te dink dat dit in die vredeliewende, vrydenkende samelewings van die Westerse wêreld kan gebeur.

### Is “*Big Brother*” alreeds hier?

Sommige mense glo dat “*Big Brother*” alreeds hier is. Waarlik, die wêreldwye coronavirus-krisis het 'n omgewing geskep wat hom leen tot oormatige regeringsbeheer en selfs misbruik. Op 26 Junie 2020 het die tydskrif *TIME* 'n artikel gepubliseer met die titel “*It's Not Just Maria Ressa's Arrest, Coronavirus is Accelerating Crackdowns on Press Freedom Across Asia*”. Die skrywer, Laignee Barron, verduidelik hoe outoritêre regerings en selfs vrydenkende demokrasieë die pandemie as 'n bedekte geleentheid gebruik om sensuur uit te oefen:

“Hierdie periode is 'n situasie vir enige outoritêre regering om van te droom” sê Daniel Bastard, RSF's [*Reporters Sans Frontiers*] Asia-Pacific director. “Hulle kan voorgee dat hulle hul burgers teen 'fopnuus' beskerm, terwyl hulle die enigste gesag is wat presies kan besluit wat waar of wat vals is. In

hierdie opsig is die coronavirus-krisis 'n gedugte voorwendsel om sensuur toe te pas”.

Sedert die COVID-19-krisis ons getref het, het baie regerings regoor die wêreld vinnig opgetree om die virus onder beheer te bring. Bepelings op reis, werk, ontspanning en vergaderings is uiteengesit. Sommige maatreëls was selfs vreemd en ietwat komies. 'n Maatskappy, met die naam *Draganfly*, het hommeltuie ontwikkel om siek mense vanuit die lug op te spoor en om selfs nies, hoes, hartklop, asemhalingstempo en koors op te spoor (“*Coronavirus News: Pandemic drones to monitor fever, crowds from above,*” *ABC7NY.com*, 15 April 2020).

Wat 'n merkwaardige toestel! Behoort ons ons te kwel oor die sensuur wat verband hou met die pandemie en toestelle wat u gesondheid van ver af kan bepaal? Is “*Big Brother*” nou reeds hier?

Baie van die veiligheidsmaatreëls wat deur gesondheidsbeamptes vereis word, is nie groot opofferings nie. Christene behoort saam te werk en te doen wat hulle kan om hulle gesinne en hulle naaste te beskerm. Jesus leer ons duidelik: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself” (Matthéüs 22:39). Paulus het aan Christene gesê om hulle menslike regerings te gehoorsaam, *behalwe* wanneer daardie regerings hulle beveel om *ongehoorsaam* aan God te

wees. Hy skryf in Romeine 13:1, “LAAT elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is”.

Gaan dinge nogtans te ver? Sommige mense sê ja. Sommige evangeliegesinde leiers verbind sterk regeringsoptredes aan die Bybelse merk van die dier en beweer dat “inplantbare mikroskyfies ... gebruik sou kon word om die bevolking te beheer onder die dekmantel van die opsporing van COVID-19-infeksies en immuniteit” (“*Some evangelicals fear the 'mark of the beast' from a coronavirus vaccine,*” *Yahoo News*, 14 Mei 2020). Gelukkig is daar geen betroubare bewyse hiervoor nie. Sou dit egter met moderne tegnologie dalk binnekort moontlik wees?

Word die merk van die dier nou voorgestel onder die dekmantel van COVID-19 monitering? Het “*Big Brother*” gearriveer? Om dit duidelik te maak: Hierdie wêreld sal altyd bouse diktators hê wat probeer om op enige manier mag in die hande te kry, asook mense wat probeer om ander mense vir hulle eie persoonlike voordeel te beheer. *Die beskrywing van die merk van die dier in Openbaring 13 is op 'n totaal ander vlak* as COVID-19-verwante regulasies of beleide. Hierdie dinge is *nie* die merk van die dier nie.

Ten spyte hiervan, boesem dit vrees by mense in om al hoe meer te sien hoe daar van tegnologie gebruik gemaak word wat inbreuk maak op privaatheid en dit skend, om hierdie pandemie te beveg. 'n Uiteraars

belangrike element byvoorbeeld om 'n aansteeklike siekte te beveg, is “kontak-opsporing”. Wanneer iemand 'n ernstige en aansteeklike siekte opdoen, voer gesondheidsbeamptes 'n onderhoud met die persoon om die persone te identifiseer met wie hulle in kontak was. Deur hierdie inligting te gebruik, kan hulle ander persone opspoor wat besmet mag wees. Dan kan kwarantyn en ander pogings help om die verspreiding van die siekte verder te bekamp.

“Kwarantyn” is nie 'n slegte woord nie – dit is 'n Bybelse beginsel wat al millennia lank gebruik word om aansteeklike siektes te bekamp. Nuwe tegnologie wat op slimfone beskikbaar is, neem die kontak-opsporingsproses egter tot 'n ingrypende nuwe vlak – iets wat George Orwell dalk in gedagte gehad het in sy roman. Let op hierdie verslag:

Mediaberigte gee te kenne dat die regering van Ecuador GPS-opsporing gemagtig om die nakoming van kwarantyn af te dwing. Die poging van die Israeliese owerhede om die veiligheidsdiens toe te laat om selfoondata van besmette persone te gebruik, het reeds kommer oor die skending van privaatheid veroorsaak ... In Suid-Korea het die owerhede teksboodskappe oor gesondheidsadvies uitgestuur tesame met

persoonlike besonderhede van besmette pasiënte (“*COVID-19, surveillance and the threat to your rights,*” *Amnesty International*, 3 April 2020).

Privaatheidskundiges besef dat sodra regerings buitengewone noodmagtiging verkry, *hulle dit selde prysgee*. In 'n artikel van 18 Junie 2020 in *The Guardian* word berig:

Uitgebreide toesig-maatreëls wat wêreldwyd tydens die uitbreek van die coronavirus ingestel is, **word meer omvattend toegepas en het verskans geraak** ... Die maatreëls is dikwels uitgevaardig as tydelike noodsaaklikhede wat inderhaas ingestel is om infeksies op te spoor, maar regerings is daarvan beskuldig dat hulle burgerregte skend deur die wydverspreide gebruik van tegnieke soos telefoonmonitering, kontakopsporing-toepassings en fisiese doen en late deur middel van CCTV [geslote-kringtelevisie] met gesigsuitkenning (“*Coronavirus mass surveillance could be here to stay, experts say,*” klem bygevoeg).

Nee, COVID-19-opsporingspogings is nie die merk

van die dier nie. Persoonlike sekerheidsnommers of ingeplante skyfies is ook nie die merk van die dier nie. Dit is egter nie moeilik om 'n mens voor te stel hoe die diermoondheid tegnologie kan gebruik, soortgelyk aan dit wat nou in gebruik is nie. Dit word tans verwelkom as 'n maatreël om lewens te red. Sou dit môre gebruik kon word om lewens te beheer en selfs lewens te neem?

### Doen ons dit aan onself?

Voordat ons egter alarm maak, is dit belangrik om 'n tree terug te staan en te vra hoe die tegnologie voor die coronavirus gelyk het. Het dit nie toe reeds privaatheid geskend nie? *Het ons dit nie oor onself gebring nie?*

'n Hoofartikel van die *New York Times* met die titel, “*Total Surveillance Is Not What America Signed Up For*”, bevat die volgende:

U slimfoon kan u presiese ligging duisende kere per dag, deur middel van honderde toepassings, onmiddellik na dosyne verskillende ondernemings versend. Elkeen van hierdie ondernemings beskik oor die vermoë om individuele selfone te volg oral waar dit gaan – naastenby op die regte tyd. **Dit is nie 'n fout in die stelsel nie. Dit is die stelsel.** Indien die regering Amerikaners sou beveel om voort-

durend sulke presiese tye en inligting oor hulleself te verskaf, sou daar 'n opstand wees ... Indien 'n samelewing, wat tot nou toe nog nooit op hierdie uiters belangrike keuse gefokus het nie, het ons 'n stilswyende konsensus bereik om hierdie gegewens vrywillig te oorhandig, al weet ons nie regtig wie hierdie inligting kry of wat hulle daarmee doen nie. Terwyl die einde van 2019 nader kom, soek almal na die betekenis van hierdie dekade. Hier is 'n gedagte: Hierdie is die dekade – die tydperk sedert die stigting van die *App Store* in 2008 – waarin ons gebreinspoel is om onself dop te hou (22 Desember 2019, klem bygevoeg.)

Dink daaraan! Indien u 'n slimfoon het, stuur dit voortdurend gedetailleerde inligting oor u asook waar u u bevind aan mense wat u nie eers ken nie. Dit stuur inligting aangaande u private e-pos, aankope, foto's van u en u familieleden – selfs u mediese inligting indien dit deur u toestel opgevang kan word. Sou ons ooit toestem om soveel private inligting oor onself en ons geliefdes te deel as dit nie daarvoor was dat ons al hoe meer gerief wil hê nie? In een van die groot ironieë van ons tyd het ons miskien alreeds “*Big*

*Brother*” in ons huise en in ons lewens verwelkom en deel ons elke *beweging* wat ons maak in ruil vir die leefstyl van tegnologie.

Hou ander voorbeelde van vandag se arbeidsbesparende slimtoestelle in gedagte:

Die Amazon-toepassing, Alexa, kan alles afluister wat u sê, selfs al word Alexa nie 'n vraag gevra nie: Sy luister altyd. Google bedryf Gmail se e-posdiens wat baie algemeen gebruik word. Google lees daardie e-posse ... Apple se *FaceTime* het 'n “*luistervink*” wat mense in staat stel om af te luister. Facebook weet alles van almal. Hulle volg u. Ek wens ek kon sê dat daar 'n uitweg uit al hierdie dinge is, maar ek dink nie daar is nie. **Ons het die opsporingsboks oopgemaak en ons kan dit nie weer toemaak nie** (“*Big Brother is already watching us: Varney*,” *FoxBusiness.com*, 30 Januarie 2019, klem bygevoeg).

Nee, Google is nie die dier nie! Die *App Store* is nie die plek waar u die merk kan kry nie! Dink egter daaraan: Kan die tegnologie waarvan ons vandag al hoe meer afhanklik is, ons voorberei om môre gemanipuleer te word? Wat as die *sensuurraad* eerder as Google se bemarkings-

algoritmes u e-posse sou lees, opneem wat u sê, op hoogte bly van mense met wie u assosieer en kennis neem van hoe u u oortuigings uitdruk? Sou so-iets kon gebeur?

### **Slawe van tegnologie of slawe van Christus?**

God het die profeet Daniël 'n vlugtige oomblik gegee om na die wêreld in die eindtyd te kyk en dit opgeteken: “En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die tyd van die einde toe; baie sal dit deursoek, en die kennis sal vermeerder” (Daniël 12:4). *Data* is die groot gewilde gonswoord in vandag se “kennis-ekonomie”. Besighede is in 'n wedloop om maniere te vind om data te ontgin en te gebruik om verbruikers te voorsien van wat hulle wil hê voordat hulle mededingers dit doen. Ons as verbruikers is tóg te gewillig om al hoe meer inligting te verskaf. Kennis neem toe en dit is alles in die naam van tegnologie – meer opsies, beter funksies, makliker prosesse. Hoe vinniger, hoe beter.

Is tegnologie op sigself sleg? Nee. Gevorderde tegnologie het baie voordele vir ons beskawing meegebring. Dit maak ook die verkondiging van die Evangelie van die Koninkryk van God regoor die wêreld moontlik. Dit is presies wat hierdie tydskrif en ons televisieprogram *Tomorrow's World* asook ons webtuistes doen. Indien ons in hierdie wêreld leef, word ons in 'n sekere mate gedwing om tegnologie te gebruik. Let op wat Jesus gesê

het toe Hy voor Sy kruisiging vir Sy dissipels gebid het: “Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose bewaar” (Johannes 17:15).

Christene leef en funksioneer in hierdie wêreld, maar ons behoort nie slawe van ons toestelle te wees nie. Ons behoort dienaars – slawe – van God te wees (Romeine 1:1)! Terwyl ons tegnologie gebruik, *behoort* ons versigtig te wees om ons persoonlike inligting te beskerm en te leer oor hoe om dit te doen. Ons behoort op ons hoede te wees vir bedrieërs. Dit is nodig om ons wagwoorde te beskerm en ons keuses noukeurig te oorweeg. Ons behoort te onthou dat vir elke nuwe funksie wat meer gemak bied, ons gewoonlik persoonlike inligting weggee. Indien ons toenemend indringende tegnologie in ons privaat lewens toelaat, is dit dalk nodig dat ons daarvoor dink, *waarheen sal dit ons in die toekoms lei?*

Nee, die dier is nog nie geopenbaar nie. Dit is egter aan die kom en die samelewing word vandag gekondisioneer dat ons van ons persoonlike vryhede en voorregte beroof word wanneer die merk van die dier afgedwing word.

### **Berei voor met die regte teken**

Wat behoort Christene te doen? Aan die begin van hierdie artikel het ons gesien dat twee profetiese diere van Openbaring sal veroorsaak dat die massas mense die merk van die dier sal ontvang. Daardie merk sal 'n

persoon identifiseer wat aan die dier se stelsel behoort. Die profeet Eségiël gee egter nuttige leidrade oor hoe om eerder met God se teken geïdentifiseer te word. Dit is noodsaaklik om dit te weet! Wanneer donker dae aanbreek, hoe behoort Christene hulleself as ware volgelinge van God te identifiseer?

God het aan die profeet Eségiël 'n sorgwekkende toekomsblik gegee van die vernietiging van Jerusalem wat in sy tyd sou aanbreek: “En die HERE sê vir hom: Trek dwarsdeur die stad, dwarsdeur Jerusalem, en maak 'n teken op die voorhoofde van die manne wat sug en steun oor al die gruwels wat daarin gedoen word. Maar aan die ander sê Hy voor my ore: Trek agter hom aan deur die stad, en slaan ... slaan dood ... maar raak aan niemand op wie die teken is nie” (Eségiël 9:4-6).

Namate die samelewing in toenemende onsedelikheid en korrupsie verval, behoort Eségiël se visioen ook as 'n waarskuwing vir vandag te dien. Dit is as gevolg van sonde dat God sal toelaat dat ons lande gestraf word. Dit is as gevolg van sonde dat Hy sal toelaat dat rampspoed kom. Ware en toegewyde Christene *behoort* sonde ernstig op te neem. Hulle *behoort* te “sug en steun” oor die sondes wat in die land gedoen word. Hulle *behoort* hulle sondes te bely en God om vergifnis te vra. Hulle *behoort* daarna te streef om “rein van hande en suiwer van hart [te wees]” en te weet dat dit slegs deur die bloed van Christus bewerkstellig kan

word (1 Johannes 1:7).

In 'n tyd van toenemende sedelike chaos en verdorwenheid, moet ons God liefhê en ook ons naaste (Matthéüs 22:37-39). Dit is nodig dat ons God vra om in te gryp en ons leiers te lei (1 Timótheüs 2:1-2). Dit is nodig dat ons oor die sondes van ons lande treur en ons bekeer van die sondes wat *ons* gedoen het, want niemand is sonder sonde nie (Romeine 3:23). Dit is noodsaaklik dat ons vir God vra vir onderskeidingsvermoë met betrekking tot hierdie gebeure wat besig is om te ontvou en om vir hulp te vra sodat ons *nie mislei word* nie (Matthéüs 24:4), want hierdie komende bouse diktators sal *baie mense* mislei.

Die “Dier van Openbaring” het sy bekende merk, maar het u geweet dat God ook 'n teken het wat Sy volk sal “merk”? Wanneer ons die gestorte bloed van Christus as vergifnis vir ons sondes aanvaar, as ons deur Sy Gees gelei word en indien ons Sy ewige Gebooie nougeset nakom, *kan ons daardie teken hê! Wat is dit?*

Ons kan dit kry indien ons uit die lesse van oordeel leer wat oor antieke Israel gekom het. God het die antieke Israeliete aangekla weens hulle opstand teen Hom en gesê: “So het Ek dan ook my hand vir hulle opgehef in die woestyn, dat Ek hulle nie sou bring in die land wat Ek aan hulle gegee het nie, wat oorloop van melk en heuning – 'n sieraad is dit van al die lande; omdat hulle my verordeninge verwerp het en in my insettinge nie gewandel het nie en my

sabbatte ontheilig het; want hulle hart het agter hul drekgode aan geloop” (Eségiël 20:15-16).

Is daar enige les vir ons? Het ons vandag ook by die punt gekom waar baie mense die Wette, insettinge en verordeninge versmaai wat in die Bybel uiteengesit word? Wees eerlik. Wat word in baie van ons universiteite geleer en wat word deur baie van ons media en vermaak bevorder, gretig aanvaar deur die meerderheid van ons leiers en ook aangeprys deur baie gewone mense in die samelewing? Eer en respek vir God en Sy Wette wat geluk, seëninge en tevredenheid meebring of openlike minagting en geringskatting van enigiets wat met die God van die Bybel en Sy lewenswyse te doen het?

Let op wat Eségiël verder opgeteken het: God het gesê: “Maar Ek het aan hulle kinders in die woestyn gesê: Wandel nie in die insettinge van julle vaders nie en onderhou nie hulle verordeninge nie en verontreinig julle nie met hulle drekgode nie. Ek is

die HERE julle God; wandel in my insettinge en onderhou my verordeninge en doen dit. En heilig my sabbatte; en hulle sal 'n teken wees tussen My en julle, dat julle kan weet dat Ek die HERE julle God is” (Eségiël 20:18-20).

God wil hê dat Sy mense Hom sal liefhê, hulle naaste liefhê en Sy Gebooie gehoorsaam. Dit sluit die onderhouding van Sy Sabbatte in. God het gesê dat Sy Sabbatte – die sewendedag Sabbat en die jaarlikse Heilige Dae – 'n “teken” tussen Hom en Sy mense sal wees. Hierdie Heilige dae van God sal 'n *identifikasie kenmerk* wees wat aangeneem sal word deur Sy lojale en getroue diensknegte! Aan diegene wat gewillig is om hulle te bekeer, om hulle sondes te laat bedek deur die bloed van Christus en om die Wette van God te gehoorsaam, gee Hy die kosbare gawe van Sy ewige Gees (Handelinge 5:32). Deur dit te doen, verwek Hy ons deur daardie Gees as letterlike seuns en dogters van God

(Romeine 8:14).

Wat is die boodskap vir ons? Hoe neem ons die teken van God aan? Deur ons te bekeer van die oortreding van God se Wette – met inbegrip van Sy heilige Sabbatte – deur Jesus Christus se offer namens ons te aanvaar en deur Sy kosbare, ewige Gees te ontvang.

Die wanordelike polisiestaat van George Orwell is nie hier nie – selfs nie te midde van hierdie pandemie nie. Daar is egter tekens dat 'n bedrieglike en outokratiese mag aan die kom is. Nog belangriker as dit, daar is tekens wat ons verseker dat ons *Ouer Broer*, Jesus Christus, binnekort gaan terugkeer. Hy is ons Rots, ons vesting en ons redding (Psalm 18:2). Hy is die Een wat ons met ons hele hart moet soek (Jesaja 55:6-7). Hy is die Een aan wie ons lojaal moet wees, selfs in die moeilike dae wat gaan kom (2 Kronieke 16:9). “*Big Brother*” is aan die kom – maar ons kan gereed wees! **WVW**

## Die Tien Gebooie

*Die hedendaagse “moderne” samelewing is verdeeld oor die Tien Gebooie. Is daar mee “weggedoen” deur goddelike bevel of deur die mensdom se verskuiwing na wetenskaplike kennis? Moet dit in openbare plekke vertoon word of moet dit beperk word tot die kerk? Is dit 'n las vir “verligte” mense of 'n seën vir diegene wat dit onderhou? Koning Dawid sê: “Hoe lief het ek u wet” en noem dit volmaak; die apostel Paulus noem dit heilig, regverdig en goed; Jesus eer, vervul en gehoorsaam die Tien Gebooie en gebied ook gehoorsaamheid daaraan. Vir die meeste mense bly die Tien Gebooie egter 'n raaisel wat nooit verstaan is nie. Hierdie boekie verduidelik in maklike terme hierdie onverbiddelike lewende Wet wat binnekort die basiese Wet sal word van die toekoms se vreedsame, voorspoedige, vreugdevolle wêreld!*

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie te ontvang!



# Staan Amerika voor 'n tweede burgeroorlog?

Deur Gerald E. Weston

*Strate gevul met woedende mense, stede oorgegee aan chaos, Wat beteken dit alles?*

Straatbetogings raak gewelddadig. Moordsyfers styg. Blokke in stede word deur anargiste oorgeneem. Historiese monumente word geskend en afgebreek deur die gepeupel. Inwoners sonder beskerming van die polisie wat hul toevlug neem na gewere om hulle lewens en huise te verdedig. Wat is besig om met die mooie Amerika, die land van die vryes en die tuiste van die dapperes te gebeur?

Natuurlik is Amerikaners nie sonder hulle foute nie – nie méér as die burgers van ander lande nie. Tog is die Verenigde State vandag steeds die enigste ware supermoondheid – hoewel vir redes baie anders as wat die meeste mense verstaan. Antieke ryke het gekom en gegaan: Babilonië, Persië, Griekeland, Rome. Al hierdie ryke het hulle glorieryke dae gehad, maar toe ineengestort, baie dikwels verswak deur magte van binne, voordat hulle omvergewerp is deur magte van buite. Selfs die Britse Ryk, die grootste [ryk] van almal, wat oor byna 'n kwart van die aarde regeer het, is nouliks nog 'n "ryk".

Hoe lank sal dit duur voordat Amerika val?

## 'n Waardebepaling vanuit die buiteland

Met alles wat nou in hulle eie

land gebeur, kan Amerikaners vergewe word omdat hulle nie weet wat die jongste nuus oor die klein, verafgeleë staatjie Israel is nie. Wat egter daar gebeur, sê baie oor hoe die wêreld die verflenterde "Stars and Stripes" sien. Israel se Eerste Minister Benjamin Netanyahu is besig met 'n plan om gedeeltes van die Wesoewer te annekseer – in werklikheid 'n grondgryp. Die idee is ongewild buite Israel (onder diegene wat enigsins daarvan weet), maar dit is ook ongewild *binne* Israel self. Die vrae is dus: *Waarom en waarom nou?*

Die antwoord word groten-deels gevind in Israel se waarneming van wat besig is om in Amerika, Israel se belangrikste bondgenoot, te gebeur. Oorlog-moeë Israeli's staar hulle nie nou blind teen die straatbetogings oor George Floyd se dood nie. Inteendeel, *wat hulle sien, lê baie dieper*. Hulle kyk na die politieke verdeeldheid in die V.S. en sien swakheid. Hulle sien anargiste en ruggraatlose burgemeesters en goewerneurs wat swig voor die plunderaars en oproermakers. Hulle sien dat Amerika se fundamentele beginsels aangeval word, wanneer standbeelde van nasionale helde – nie net dié wat met die Konfederasie verbind word nie, maar monumente van die nasie

se stigtersvaders self en selfs van die voorstanders vir die afskaffing van slawerny. (Dit sluit ook 'n monument in van een man wat letterlik sy lewe gegee het om slawerny te beëindig.) Monumente word met minagting behandel, gevandaliseer en vernietig. Hulle sien die openlike minagting waarmee die beskermers van wet en orde in die samelewing behandel word. Israel se leiers gee erkenning aan die verskil tussen verstaanbare woede oor 'n onreg wat gepleeg is en die aftakeling van die fundamente en instellings wat Amerika definieer.

*The Times of Israel* het op 5 Julie 'n artikel gepubliseer met die titel: "Hoe vrees vir 'n V.S. onttrekking uit die Midde-Ooste, Netanyahu dryf in die rigting van anneksasie". Onder die subopskrif "Verbrokkeling voor ons oë", word in die artikel verduidelik dat:

Wanneer Israel se verdedigingsbeplanners wie 'n anneksasieplan ondersteun, praat van 'n "geleentheid sien" in Washington, bedoel hulle iets groter as die verwagte einde van die Trump-presidentskap. Die vrees bestaan dat Amerika besig is om te onttrek, en daarmee

saam 'n wêreldwye orde, waarop voorheen staatgemaak kon word om 'n mate van stabiliteit en veiligheid vir 'n klein landjie soos Israel te verseker. “Amerikaanse heerskappy is besig om voor ons oë te verbrokkel”, sê dr. Eran Lerman, 'n prominente konserwatiewe verdedigingsdenker wie die anneksasieplan ondersteun.

Ten spyte van al sy tekortkominge was die V.S. oor die algemeen 'n welwillende moonheid in die wêreld. Nasies wat hulle op militêre gebied aangedurf het, het dit dikwels berou, omdat die krag van Amerika en sy bondgenote diegene verpletter het wat dit uitgedaag het. Ja, daar was nederlae soos in Vietnam en dooiepunte in Suid-Korea en elders, maar Duitsland, Japan en Irak het pynlike lesse geleer. Tog het hierdie selfde Amerika gehelp om Duitsland en Japan weer op te bou tot welvarende en leidende nasies om weereens selfstandig te wees. Amerika se pogings na die Tweede Wêreldoorlog was nie Sowjet-styl besetting soos die waaronder Oos-Europa gely het nie. Terwyl kommunistiese lande mure gebou het om mense binne te hou, moes die V.S. mure bou om mense uit te hou – mense wat bloot iets beter wil hê as wat hulle tans het. Hoe ironies dat skares buitelanders na Amerika wil kom vir die geleentheid wat hulle sien, terwyl sommige van sy eie burgers dit wil afbreek!

Amerika het 'n nederige begin gehad as 'n kolonie van Groot-Brittanje wat destyds die grootste ryk in die wêreld was. Terwyl hulle te swaar belas is sonder verteenwoordiging en as gevolg van ander griewe, is die ingevoerde tee in die hawe uitgegooi. Dit verduidelik miskien die situasie te eenvoudig, maar dit som redelik op wat baie van ons in die laerskool geleer is.

Ons het grootgeword met die aflê van die “*Pledge of Allegiance*” [belofte van trou] aan die vlag, 'n simbool van alles waarvoor Amerika gestaan het. Sommige van ons het ook die skooldag begin deur die “Onse Vader” op te sê, maar in 1962 het die V.S. Hooggeregshof beslis dat gebed in openbare skole ongrondwetlik is. Slegs twee jaar later, in 1964, het onrus hoogty gevier oor die hele land: Die V.S. Kongres het die Golf van Tonkin-resolusie aanvaar wat Amerika in die Viëtnam-modderpoel gegooi het en die “*Free Speech Movement*” het op die kampus van die Universiteit van Kalifornië, Berkeley, begin en uiteindelik het die “*Filthy Speech Movement*” die volgende lente die lig gesien. In dieselfde jaar het die Beatles-rockgroep in New York aangekom wat “*I Want to Hold Your Hand*” gesing het – later wou hulle egter 'n dagga-sigaret daarin sit.

Dit is moeilik om die onstuimige dekade van die 60's in hierdie kort artikel te beskryf en dit is ook nie my doel om dit te doen nie. Dit is voldoende om te sê dat baie faktore gelyktydig 'n rol gespeel het – die Viëtnamoorlog, kampusbetogings, die “*Civil Rights Movement*” en die

moorde op President John F. Kennedy, dr. Martin Luther King, Jr. en Senator Robert F. Kennedy. Dit was die dekade van die hippies, “vrye seks” en 'n nuwe klank in musiek wat deur die “Britse Inval” ingebring is. Sommige mense verheerlik vandag nog steeds Woodstock, 'n dwelm-besmette musiekfees wat “vrye liefde” en rebellie vier. Dit was egter ook die dekade toe die Amerikaner, Neil Armstrong, sy voete op die maan gesit het en só die doelwit bereik het wat President Kennedy slegs agt jaar tevore gestel het.

Die 1960's en 1970's het die weg gebaan vir wat ons tans sien gebeur in die Westerse wêreld, veral in Amerika. Geen land is sonder foute nie en dit is sekerlik waar van die Verenigde State. Hulle barbaarse stelsel van slawerny was 'n euwel wat vroeg begin het en 'n hoë tol is geëis om dit reg te stel. Die Amerikaanse burgeroorlog was die bloedigste oorlog in die geskiedenis van die land en het meer Amerikaanse lewens geëis as al die ander oorloë saam. Dit het die land met die rooi bloed van wit asook swart burgers bevlek. Dit was 'n begin, maar dit het nie die probleme in rasseverhouding beëindig nie en sommige van die probleme duur tot vandag toe voort. Die afbrekende praktyke van verpligte segregasie – met inbegrip van afsonderlike water-spuifontejies, aparte toilette en aparte sitplekke op busse vir verskillende rasse, is egter reeds vir etlike dekades iets van die verlede.

Dit is maklik om elke betoging as 'n geïsoleerde geval te

beskou, maar dit het deur die jare duidelik geword dat daarmense is wat vir skynbaar enige denkbare saak betoog. Ons kan hulle “professionele betogers” noem. Mens kan jouself afvra waar hulle die geld kry om van een plek na die ander te reis om massas mense tot geweld op te sweep. Waarom haat hulle hulle geboorteland en die land wat hulle die vryheid gee om te betoog?

### Oorlewering van haat

Die betogers en oproermakers van die 1960's en vroeë 1970's het nuwe betekenis gegee aan “Julle moet julle vyande liefhê” (Matthéüs 5:44). Een beroemde persoon wat hierdie nuwe liefde vir die vyand verpersoonlik het, was Jane Fonda, wat nog steeds by baie mense bekend staan as “*Hanoi Jane*”. Sy het daardie bynaam verdien deur na Noord-Viëtnam te reis, 'n land waarmee Amerika in oorlog gewikkel was. Van die vyandelike bodem af is tien radio-uitsendings gedoen waarin sy Amerika se betrokkenheid by die oorlog veroordeel het. Sy word egter meestal onthou vir 'n foto van haarself waar sy op die sitplek van 'n lugafweerkanon sit wat gebruik is om op Amerikaanse lugmaglede te skiet. Hoewel sy sedertdien haar innige spyt uitgespreek het oor haar keuse om by daardie kanon te sit, het al haar aksies in Hanoi groot veragting vir Amerika getoon. Tog het sy teruggekom om die voorregte te geniet wat haar land aan haar bied.

Fonda is in 1973 met die aktivis Tom Hayden getroud. Hayden was deel van die radikale linkses, wat as die

*Chicago Seven* bekend geword het. Saam met Abbie Hoffman en vyf ander mense was hy ook aangekla vir aanhitsing van gewelddadige betogings tydens die Demokratiese Nasionale Konvensie van 1968 in Chicago. Hayden sou later tot die politiek in Kalifornië toetree, waar hy sy radikalisme verder kon versprei. Abbie Hoffman was 'n regte opsweper en is beskryf as 'n oproermaker, 'n sosialis en 'n anargis en sy 1968-boek *Revolution for the Hell of It*, som sy lewe goed op. Hierdie en ander mense soos hulle, was nie armoedige kinders nie, maar hulle het Amerika gehaat en hulle haat na die volgende geslag oorgedra.

Die meeste van die onstuimigheid van hierdie twee dekades het op universiteitskampusse ontstaan – veral die Universiteit van Kalifornië in Berkeley en die San Francisco Staats-Universiteit, maar hulle het die ondersteuning geniet van akademië regoor die land. Die Viëtnam-oorlog was ongewild in die V.S. en 'n handige saak [om oor te betoog] vir Amerikaanse sosialiste en Marxiste. Dit was vanuit Hollywood en die universiteite waar die saad van haat vir Amerika en 'n liefde vir sosialisme gesaai is. Die vrugte wat ons tans onder soveel jong studente sien, getuig van die sukses van die akademiese wêreld van radikale linkse professore.

Ons is naïef as ons dink dat die V.S. en die Sowjet-Unie nie betrokke was in pogings om mekaar se regerings omver te werp nie. Sulke aktiwiteite duur al millennia lank tussen nasies en wat ons in vandag se Amerika

sien, is deel van daardie speletjie. Om egter ten volle te begryp *waarom* ons vandag is waar ons is, moet ons verder teruggaan as die middel van die twintigste eeu.

### Vanaf Marx tot Cullors

Baie van die probleme waarmee ons vandag te kampe het, het veel vroeër ontstaan – al die pad terug na die begin van die mensdom – maar vir ons bespreking sal ons in die negentiende eeu begin. Charles Darwin het die geloof in God met sy evolusieteorie ondermyn – 'n poging om die skepping sonder 'n Skepper te verklaar. Die konsep van godlose evolusie wat 'n groot deel van die akademiese denke van vandag uitmaak, is om verstaanbare redes gewild onder 'n jonger geslag en ander mense wat alle beperkings wil verwerp.

Karl Marx was ook 'n produk van die negentiende eeu. Die meeste mense ken sy naam en weet dat hy aan Kommunisme verbonde was, maar hoeveel weet hulle van die soort man wat hy was? Die aard van sy temperament word verweef in sy duiwelse filosofie wat die afgelope eeu vir miljoene mense pyn en lyding veroorsaak het.

Paul Johnson is 'n briljante en produktiewe Britse skrywer. In sy boek *Intellectuals* van 1988 word Marx se temperament in detail beskryf, maar die beste opsomming is die titel van die derde hoofstuk: “*Karl Marx: Howling Gigantic Curses*” (bl. 52). Johnson skilder ook 'n fassinerende prentjie van Marx se invloed op ons wêreld. Let op hierdie uitspraak:

Die idee dat Marxisme 'n wetenskap is, op 'n manier wat geen ander filosofie ooit was of kon wees nie, is geïmplementeer in die openbare leerstelling van die state wat deur sy volgende gestig is, sodat dit die onderrig van alle vakke in hulle skole en universiteite van kleur verander. Dit het oorgespoel na die nie-Marxistiese wêreld want intellektualiste, veral akademië, is gefassineer deur mag en die identifisering van Marxisme met 'n massiewe fisiese gesag, het baie onderwysers in die versoeking gestel om die Marxistiese “wetenskap” toe te laat tot hulle eie dissiplines, veral sulke onjuiste of so genaamd-korrekte vakke soos ekonomie, sosiologie, geskiedenis en aardrykskunde (bll. 52-53).

Johnson merk tereg op dat individue en nasies wat deur Marx beïnvloed is, behep is met mag en dus is dit nie verbasend dat hulle uiteindelik totalitêr word nie. Hy merk ook tereg op dat Marx se filosofieë veral aantreklik vir intellektueles en akademië is – daarom is dit ook nie verbasend dat sy idees ons universiteite infiltreer en wortel geskiet het nie. Dit blyk uit die intense haat wat soveel studente vir hulle eie land het asook hulle wydverspreide oproepe tot sosialistiese idees. Tot watter

ander gevolgtrekking kan 'n mens kom wanneer mens sien hoe hulle die vlag verbrand, monumente en standbeelde van die stigters van Amerika afbreek en skend en selfs so ver gaan as om standbeelde van voorstanders vir die afskaffing van slawerny, soos byvoorbeeld Frederick Douglass en Hans Christian Heg af te breek?

Gister se universiteitstudente met ver-linkse ideologieë is nou skoolonderwysers op alle vlakke en pomp die anti-Amerikanisme openlik in hulle studente se verstand in. Enigiets wat wit, Europees, manlik of heteroseksueel is, word as rassisties, vrouehaters, “wit bevoorregting” en fascisties bestempel. Kernwaardes van die Westerse beskawing, soos die kerngesin en patriargie, word aangeval. Die getuienis is daar vir enigiemand wat oë het om te sien.

Baie van die mense wat teen die moord op George Floyd betoog, is opreg en almal is sekerlik nie Marxiste nie. Nie almal haat Amerika nie. Baie betogers het self die geweld wat die beweging voortbring het, in die openbaar veroordeel. Die indirekte skade weens die invloed van Marxistiese universiteitsprofessore is egter duidelik sigbaar. Hulle studente deel die gewelddadige temperament van hulle mentor, Marx – kwaadgesinde jong snuiters wat spoeg, onweloweglike taal gebruik, bakstene gooi en totale minagting vir wetstoepassing toon.

Die politieke organisasie *Black Lives Matter* of *BLM*, het skielik oral gewild geword, met skares en sommige politici wat

aanspraak maak op hulle vaandel en eis dat die polisie nie meer betaal moet word nie. Wat skuil agter die beweging? Terwyl baie opregte mense die term “*Black Lives Matter*” gebruik as deel van 'n breër beweging vir sosiale geregtigheid, het baie mense vinnig die *BLM*-stroom gevolg sonder om na te dink oor die doelstellings en oortuigings van die organisasie wat agter die slagspreuk sit. Ondersteun die mense wat die stroom volg regtig die aftakeling van die kerngesin? Ondersteun hulle die *LGBTQIA* + -beweging? Ja, die *BLM*-organisasie ondersteun wel hierdie doelstellings en idees. Al hierdie dinge en nog meer kan ontdek word deur bloot na die webwerf *BlackLivesMatter.com* te gaan, wat openlik 'n beroep doen vir sulke kulturele en morele veranderings wat verwyderd is van die edele doel, naamlik om besorg te wees oor swart lewens. Hoeveel van dié wat die *BLM* stroom volg weet van die organisasie se verbintenis met verdagte karakters uit die verlede? Om *daardie* verbintnisse bloot te lê, moet mens 'n bietjie op die saak ingaan.

Patrisse Cullors, Alicia Garza en Opal Tometi het *Black Lives Matter* gestig. Twee van hulle verwys openlik en in die openbaar na hulleself as homoseksueel. Verder maak Patrisse Cullors aanspraak daarop dat sy 'n Marxistiese konneksie het. Hoeveel *BLM* ondersteuners weet dit? Wat het sy bedoel in 'n onderhoud in 2015 met die titel, “*A Short History of Black Lives Matter*”, op *TheRealNews.com* toe sy haarself en Garza as

“opgeleide Marxiste” beskryf het? Van wíe en wáár het hulle daardie opleiding gekry?

### Van Cullors tot Currents

Die gemiddelde persoon het nog nooit van *Thousand Currents*, 'n finansieringsagentskap vir klaarblyklike welluidende doeleindes oor die hele wêreld gehoor nie. Die webwerf lyk onskadelik genoeg en sal nie wenkbroue laat lig nie: “*Thousand Currents* befonds gewone lede en -bewegings onder leiding van vroue, jeugdige en inheemse volke in die Suidelike wêrelddele”. Patrisse Cullors se opmerking naamlik dat sy 'n “opgeleide Marxis is” en as gevolg van die feit dat *Black Lives Matter* met *Thousand Currents* saamwerk, is dit nodig om nader ondersoek in te stel na hierdie agentskap. Wanneer ons dit van nader beskou, vind ons die naam Susan Rosenberg. Wie is sy?

Rosenberg is sterk beïnvloed deur die radikale linkses van die 60's en 70's. Sy het 'n lid geword of was nou verbonde aan 'n aantal gewelddadige terroriste-organisasies naamlik: *The Weather Underground*, *the May 19 Communist Organization* and *the Black Liberation Army*. Sy was 'n verdagte in 'n pantserwa-rooftog in 1981 en is later aangekla vir haar deel in die bombardering van die V.S. Capitol-gebou in 1983. Rosenberg en Timothy Blunk is in 1984 in Cherry Hill, New Jersey in hegtenis geneem, waar die twee besig was om wapens en ongeveer 335 kg dinamiet in 'n bergingsfasiliteit af te laai. In 1985 is sy verhoor en

tot 58 jaar gevangenisstraf gevonniss, maar het slegs 16 jaar uitgedien toe haar vonnis op sy laaste ampsdag deur president Bill Clinton versag is.

Die versagting van Rosenberg se vonnis het 'n seldsame beswaar van twee opponerende politieke partye daarteen tot gevolg gehad:

S e n a t o r C h u c k Schumer (*D-NY*) het hom gevoeg by die destydse burgemeester van New York, Rudolph Giuliani, 'n Republikein, met betrekking tot die kritiek wat hy gelewer het op die besluit om Susan Rosenberg vry te laat, wie skuldig bevind was op aanklagte van besit van wapens en ploffstof. Sy was ook verbind aan die *Weather Underground* se roof van 'n pantserwa in *Rockland County*, New York wat gelei het tot die dood van twee polisiebeamptes en 'n Brinks-Sekuriteitswag (“*Obama's VP Screener Missed Problems with Controversial Clinton Pardons*”, *ABCNews.Go.com*, 20 Junie 2008).

Tydens 'n demokratiese presidensiële debat in April 2008 het kandidaat Barack Obama, President Bill Clinton se besluit gekritiseer om Rosenberg se vonnis te versag. Die lengte van haar vonnis in ag genome en die ongewone luide protes van so 'n diepgesetelde tweeparty, moet Rosenberg en diegene wat met

haar verbind word, duidelik as ernstig beskou word.

Talle bronne het al oor die verbintenis tussen *BLM* en Susan Rosenberg verslag gedoen:

*Thousand Currents*, wat voorheen bekend was as die *International Development Exchange (IDEX)*, is 'n linksgesinde organisasie wat skenkings maak. Vanaf 16 Junie 2020 beklee Rosenberg die amp van Ondervoorsitter in die *Thousand Currents se Raad van Direkteure*. Die organisasie het egter intussen die Raad van Direkteure se inligting waarin Rosenberg se biografie genoem was van die webwerf geskrap.

Terwyl dit in 2016 nog as *IDEX* bekend was, het *Thousand Currents* begin met 'n borgskap vir die *Black Lives Matter (BLM)*-beweging. In 2019 het finansiële dokumente getoon dat die groep meer as \$3,3 miljoen se bates gehou het wat vir *BLM* geormerk was. Vanaf 24 Junie 2020 is toegang tot finansiële inligting van die organisasie se webwerf geskrap. (“*Susan Rosenberg*,” *Influence Watch.org*).

Hierdie verwydering van finansiële inligting is nie verbasend nie, inaggenome die

miljoene dollars wat skielik vanaf korporatiewe Amerika ingestroom het. Rosenberg het voortgegaan om haar linkse agenda te bevorder in haar 2011 boek *An American Radical* en is 'n dosent by verskeie universiteite.

### Wat is in 'n naam

Kommunistiese front-organisasies is bedrewe daarin om te skuil agter goed klinkende doelstellings. Die *BLM*-beweging is geen uitsondering nie. Geen ordentlike mens sal nie saamstem dat swart lewens belangrik is nie en nét so belangrik is as nié-swart lewens. Natuurlik stem hulle saam! Waarom word dit dan as rassisties beskou as gesê word dat wit lewens, Asiatiese lewens, Latyns-Amerikaanse lewens sowel as alle ander lewens saak maak – om nie eers te praat van 'n groter siening wat alle mense as gelykes beskou, soos hulle waarlik in die oë van God is nie? Sommige mense beweer dat om op die huidige tyd te beweer dat “alle lewens saak maak” ongevoelig is en nie die seer in ag neem wat swart individue voel, naamlik dat veral hulle lewens as minderwaardig geag word. Dit is tog die moeite werd om respek hieroor te hê. Indien die stelling immers bedoel is om aan te dui dat “swart lewens ook saak maak”, is dit 'n waarheid waarmee ons almal behoort saam te stem. Die dubbelsinnigheid van die *BLM*-slagspreuk bied ruimte aan baie slegte deelnemers aan albei kante van die bespreking. Ongelukkig vind daar dan geen

bespreking plaas nie.

Inteendeel, enige kommentaar oor “alle lewens” lok onmiddellik direkte beskuldigings van rassisme uit. Waarom? Omdat mens as “rassis” geëtiketteer word indien mens dit sou waag om die ideologieë van die radikale linkses te bevraagteken. 'n Woord wat eens gereserveer was vir die sterkste van veroordelings, word heen en weer geslinger so maklik soos om asem te haal, water die term af en bied beskerming vir die waarlik haatlike. Die beskuldigings word al meer. Mens word ook beskou as seksisties, misogynisties [vrouehaters], fascisties en dat mens aan “wit bevoorregting” ly – bloot as gevolg van 'n mens se velkleur of omdat 'n mens weier om te kniel voor die nuutste onsin wat uitgespuug word uit Berkeley, Columbia of enige van die kleiner kolleges wat probeer om tred te hou met die “groot manne”.

Die feit dat alle lewens saak maak, is byna 2,000 jaar gelede al duidelik verklaar, lank voordat Patrisse Cullors of Susan Rosenberg op die toneel verskyn het! Daardie waarheid word vandag op advertensieborde, tuisgemaakte plakkaat en gedenkplate voor kerke verklaar, maar dit was heel eerste opgeteken in die belangrikste Boek wat ooit geskryf is: “Want so lief het God die wêreld gehad [dit wil sê: elke man, vrou en kind op die aangesig van die aarde] dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê”

(Johannes 3:16). Elke enkele lewe maak wel vir God saak en ons verkondig dit onverskrokke by die *Wêreld van Môre!*

Die woede wat baie mense voel oor wat hulle as 'n onreg in hulle lande beskou, is nie heeltemal sonder regverdiging nie. In Amerika en elders was slawerny eers wettig en algemeen. Soos ons vroeër opgemerk het, het rassisme voortgegaan, selfs na die bloedigste oorlog in die Amerikaanse geskiedenis, wat deels geveg is om die probleem op te los. Sommige voormalige Konfederale soldate het swart mense tydens die tyd van heropbou geterroriseer en voortgesette rassisme het die herlewing van die Ku Klux Klan aangehits tot diep in die twintigste eeu. Daar is baie ander hedendaagse voorbeelde.

Daar is egter vordering gemaak. Hierdie is nie die 1960's nie. “Om die Polisie van fondse te ontnem” en om stede af te brand was nooit die boodskap van dr. Martin Luther King, Jr., John Lewis en vorige moedige betogers nie. Hoe anders was die dapperheid en die welwillendheid van die *Freedom Riders* en ander groepe wat hulle vir burgerregte beywer het en watter verskil het die vreedsame betogings van vroeër jare nie gemaak nie.

Soos ons reeds opgemerk het, was daar óók geweld deur radikale groepe in daardie era. Ons sien vandag 'n herlewing daarvan, maar – in baie opsigte – op 'n baie meer skrikwekkende skaal. Wat ons nou sien, is in wese 'n nuwe burgeroorlog en dit

# Streef na die barmhartigheid van Christus

Deur Josh Lyons

*Jesus was dikwels met deernis gevul teenoor diegene in nood. Sal u deur Sy voorbeeld leer?*

Tydens Sy lewe as mens was Jesus Christus dikwels diep geraak met medelye vir mense wat siek, blind, kreupel of honger was of wat as gevolg van ander probleme gely het, soos die duiwelbesetenheid of deur droefheid oor die dood van 'n geliefde. Hy was opreg besorg oor die lyding van ander. Ons vind baie voorbeelde van Jesus se medelye in die Bybel, waaronder gevalle waar Hy selfs tot trane beweeg was. Jesus se deernis met mense en hulle lyding was een van Sy vele volmaakte karaktereenskappe.

Om medelye soos Christus s'n na te streef en daarin te groei, is veral belangrik tydens die COVID-19-pandemie. Baie mense het hulle werk verloor en sukkel om kos te koop. Ander mense het vriende of familieledes verloor of selfs hulle eie lewens. Nou is dit 'n goeie tyd om met ander mense medelye te hê soos wat Jesus gehad het.

## Geraak om 'n verskil te maak

Een van my gunsteling voorbeelde van Jesus wat medelye betoon het, is in Matthéüs 20:29-34 opgeteken. Hierdie gedeelte beskryf die tyd toe Jesus Jérigo verlaat het terwyl 'n groot skare Hom gevolg het. Terwyl Jesus en die mense aangestap het, het hulle verby twee blinde mans geloop wat langs die pad gesit het. Die twee mans besef toe dat Jesus in die groep was wat daar verbygeloop het. Hulle het na Hom uitgeroep om hulle genadig te wees en hulle te genees (blykbaar het hulle al van Jesus en Sy krag om

te genees gehoor). Sommige mense in die skare het hulle gemaan om stil te bly, maar hulle het nog harder geroep. Hulle het desperaat gesmeek om genees te word, omdat hulle geglo het dat Jesus hulle van hulle blindheid sou kon verlos. Verse 32-34 beskryf 'n baie spesiale oomblik: "Toe gaan Jesus staan en roep hulle en sê: Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? Hulle antwoord Hom: Here, dat ons oë geopen mag word. En Jesus het innig jammer vir hulle gevoel en hulle oë aangeraak, en dadelik het hulle oë gesien, en hulle het Hom gevolg."

Die mans het verlang daarna dat hulle oë geopen sal word en om verligting te kry van hulle lyding. Nadat Jesus hulle geroep om hulp gehoor het, was Hy met deernis gevul en Hy het op daardie deernis gereageer. Vir die res van hulle lewens het die twee mans waarskynlik hierdie verhaal honderde kere vertel.

Die Bybel bevat baie ander voorbeelde van Jesus wat medelye gehad het met siekes, blindes, kreupeles en met lyding. Lukas 7:11-15 vertel byvoorbeeld van hoe Hy die stad Nain binnegegaan en op 'n begrafnisstoet afgekom het. Die treurende vrou in die groep het voorheen haar man verloor en het nou haar enigste seun verloor en dit was sy begrafnis. Aangespoor deur Sy deernis met die eensame weduwee (vers 13), het Christus die oop kis aangeraak en die dooie jong man beveel om op te staan. Die jong man het dit onmiddellik

gedoen deur regop te sit en te praat. Daarna het Jesus die jong man wat hy opgewek het aan sy moeder, wat dalk self gevoel het asof die lewe aan haar teruggegee is, terugbesorg. Dit is natuurlik net een voorbeeld van baie.

Christus het die "hart en siel" van die Weg van God onderrig en dit Self uitgeleef. Dit was om te help en ander mense te versorg, veral diegene wat die grootste behoefte daaraan gehad het (Matthéüs 25:31-46; Jakobus 1:27).

## 'n Voorbeeld om na te streef

Jesus is nie 'n afsydige en afgetrokke Verlosser nie. Hy het groot empatie gehad – die vermoë om die gevoelens van ander mense werklik te verstaan en te deel. Jesus het vooraf geweet dat Hy Lasarus uit die graf sou opwek en steeds het hy geweet toe Maria voor Hom getreur het (Johannes 11:28-44). Hy het intens medelye gehad met mense, hoe hulle gely het en vir die omstandighede van hulle lewens. Hy doen dit nog steeds (Hebreërs 4:15).

Die corona-virus het baie siekte en lyding veroorsaak. Jesus se voorbeeld behoort ons eie medelye aan te wakker en ons te motiveer om hulp, ondersteuning, aanmoediging en gebede aan te bied vir diegene in nood. Dit sal ons help om 'n bietjie nader te kom en die doelwit te bereik om die mooi en deernisvolle gesindheid van Jesus Christus in ons te ontwikkel (Filippense 2:5). **WFM**

# Kan u vergewe word?

Deur Richard F. Ames

***Het u so 'n ernstige sonde gedoen dat u nie meer gered kan word nie? Is u bang dat u sal "kry wat u verdien" na u dood? Wat sê u Bybel regtig oor vergifnis – reken God steeds dat u Sy vergifnis werd is?***

Vroeër in 2020, toe die egskeidingshowe op 1 Maart in die Chinese provinsie Xian heropen het – nadat miljoene inwoners meer as 'n maand saam met hulle gesinne onder "inperking" geïsoleer was – het amptenare 'n rekord aantal afsprake vir egskeidings gerapporteer

. Een hofbeampte het verduidelik dat "baie paartjies al langer as 'n maand by die huis ingeperk was, wat onderliggende konflikte te voorskyn gebring het" ("*Chinese city experiencing a divorce peak as a repercussion of COVID-19,*" *Global Times*, 7 Maart 2020).

Selfs in normale tye vind baie van ons dit moeilik om mekaar te vergewe. In tye van spanning kan ons dit nog moeiliker vind om diegene rondom ons te vergewe. Ons as onvolmaakte menslike wesens weet dat dit nodig is dat ander mense ons vergewe. Ons mag dalk skuldig voel wanneer ons dink dat ons nie regtig vergifnis verdien nie, hoewel ons dit ernstig begeer – veral wanneer ons nie daarin slaag om ander mense te vergewe nie.

Net so graag as wat ons vergifnis in ons menslike verhoudings wil hê, hoeveel te meer begeer ons vergifnis van

God? Baie van ons het van die "onvergeeflike sonde" gehoor en wonder of ons iets so verskriklik gedoen het dat selfs God ons nie sal vergewe nie. Jesus Christus se baie ernstige waarskuwing is in die Skrif opgeteken: "Voorwaar Ek sê vir julle, al die sondes sal die mensekinders vergewe word en al die lasteringe wat hulle mag uitgespreek het; maar wie teen die Heilige Gees gelaster het, het geen vergifnis tot in ewigheid nie, maar is skuldig aan die ewige oordeel" (Markus 3:28-29).

Miskien het u God in 'n oomblik van wanhoop of depressie vervloek of die werklikheid en krag van Sy Heilige Gees betwyfel. Beteken dit dat u vir ewig van God afgesny is, sonder enige geleentheid om verlos te word? Het hierdie gedagte nog dieper wanhoop veroorsaak of het u selfs kwaad geword vir 'n God wat u sou afsny sonder enige hoop op verlossing?

Die goeie nuus is dat indien u hierdie bekommernisse het – indien u regtig daarvoor besorg is en geteister word deur die vrees dat u die onvergeeflike sonde gedoen het – dan *het* u dit *nie* werklik gedoen nie! Soos ons in hierdie artikel sal sien, kan slegs diegene wat *nie* daarvoor bekommerd is nie en wat hulle harte

verhard het, daardie vreeslike sonde gepleeg. Indien u u bekeer, is u sonde vergewe – met God se hulp **kan** u u bekeer indien u u hart daarop sit!

## **Bekeer of brand?**

U Bybel verduidelik dat daar 'n toekomstige tyd van vurige oordeel sal kom – 'n poel van vuur vir diegene wat volhard om willens en wetens te sondig en wie die Gees van genade belaster. Die Skrif rig 'n waarskuwing aan almal wat as Christene, met "die Heilige Gees deelagtig geword het" (Hebreërs 6:4). Onthou dat God die Heilige Gees gee aan "die wat Hom gehoorsaam is" (Handelinge 5:32). Indien gehoorsame Christene opsetlik na boosheid terugkeer – as hulle met 'n verharde en permanente gesindheid van ongehoorsaamheid volhou, dan leer die Skrif ons dat dit onmoontlik is om hulle "weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulle self die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak" (Hebreërs 6:6).

Ons behoort egter te verstaan dat God nie probeer om mense om die bos te lei om te sondig, sodat Hy 'n verskoning kan vind om hulle te vernietig nie. Satan kan Christene ook nie



dwing om teen hulle wil, hulleself van God te distansieer nie. Die waarheid is dat God ons as deel van Sy gesin wil hê en dat ons sal deel in Sy liefdevolle lewenswyse. Hy wil hê dat ons uit ons foute sal leer, bekeer en ons lewens verander.

Pla u gewete u? Die Skrif verduidelik dat diegene wat werklik die onvergeeflike sonde gedoen het, hulle gewetens “toegeskroei” het – hulle word heeltemal verteer deur opstand teen God. Hulle is nie daaroor bekommerd om die uiterste sonde te pleeg nie. Hulle mag dalk bang wees vir hulle uiteindelijke straf, maar daardie vrees is nie genoeg om hulle te keer om voort te gaan op hulle moedswillige bose en slegte weë nie. Indien u gewete u pla, is dit dalk nodig dat u uself bekeer en u weë verander. Gelukkig, indien u volgens u gewete handel, uself bekeer en teen Satan weerstand bied, kan u vry wees van vrees en skuld. Lukas vertel ons van 'n tollenaar wie se berouvolle gesindheid vir God aanvaarbaar was (Lukas 18:9-14) en wys daarop dat 'n *eiegeregtige* gesindheid *nie* aanvaarbaar is nie.

Kan u dus waarlik tot bekering kom na 'n leeftyd van sonde? Ja! Dit maak nie saak hoe ernstig u gesondig het nie, u kan tot bekering kom. Om egter te *volhard* in u bekering, sal u God se hulp nodig hê – die hulp wat slegs kom deur die gawe van Sy Heilige Gees. God se Gees is die Gees van krag en van liefde en selfbeheersing. Die apostel Paulus skryf so: “Om hierdie rede

herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande. Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing” (2 Timótheüs 1:6-7).

Sonder daardie geestelike krag, het u en ek nie die barmenslike krag wat nodig is om 'n voorbeeld te wees van God se heilige en regverdige karakter in ons eie lewens nie. Hoe wonderlik is dit dat God bereid is om daardie geskenk aan ons te gee, die waardevolste geskenk buiten die geskenk van Sy Seun vir die sondes van die wêreld. Wat moet ons dus doen om daardie geskenk te ontvang? Op Pinksterdag, aan die heel begin van die Nuwe-Testamentiese Kerk, het die apostel Petrus die antwoord gegee: “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang” (Handelinge 2:38). Christene ontvang wel daardie geskenk, maar dit is 'n geskenk wat waardeer moet word en selfs aangewakker word, soos die apostel Paulus vir Timótheüs vermaan het.

“Bekeerde” Christene is diegene aan wie God die Heilige Gees gegee het (Romeine 8:9). Natuurlik sal selfs bekeerde Christene sondig – maar hulle *beoefen* nie sonde as 'n lewenswyse nie. Hulle ondersoek hulleself gereeld en is daartoe verbind om hulle altyd weer te bekeer. Hulle het 'n berouvolle ingesteldheid nodig en streef

altyd daarna om hulle gedrag en gesindheid te verander. God is geduldig, maar dit is nodig dat ons op Sy geduld reageer, want ons tyd raak min. Streef altyd na bekering. Begeer altyd om u lewens goede te verander – selfs wanneer u soms deur swakheid voor versoeking swig. Vra God vir 'n gees van berou! God sal aan u berou *skenk* (Handelinge 11:18). Dit beteken dat Hy u die vermoë sal gee om u menslike natuur – u sondige gedagtes en gedrag – raak te sien en so jammer te wees oor u sondes dat u *intens* sal begeer om u lewens te verander en Sy vergifnis te ontvang. Hoe wonderlik is dit om te weet dat ons deur die bloed van Christus vergewe en deeglik gereinig kan word (1 Johannes 1:7-10).

### **Lastering teen die Heilige Gees**

Jesus het gesê dat al die sondes van die boetvaardige vergewe sal word. Die enigste *onvergeeflike* sonde is lastering teen die Heilige Gees. Wat beteken dit? Hoe belaster 'n mens die Heilige Gees?

Om te laster, is om oneerbiedig van God te praat of om die Heilige dinge van God te beswadder. Een Evangelieverslag gee aan ons 'n kragtige voorbeeld hiervan: “Toe het hulle 'n duivelbesetene wat blind en stom was, na Hom gebring; en Hy het hom gesond gemaak, sodat die blinde en stomme kon praat en sien. En die hele menigte was verbaas en het gesê: Is Hy nie miskien die seun van Dawid nie?” (Matthéüs

12:22-23).

Die skare het besef dat die geprofeteerde Messias, die Seun van Dawid, hierdie wonder sou kon verrig, maar die Fariseërs het valslik beweer dat Jesus die mag van Satan gebruik het. “Maar toe die Fariseërs dit hoor, sê hulle: Hy dryf die duiwels nie anders uit as deur Beëlsebul, die owerste van die duiwels, nie” (Matthéüs 12:24).

Hierdie aanklaers het gelaster – hulle het spesifiek kwaad gesprek van God se wonderbaarlike werk deur die Heilige Gees en beweer dat dit die mag van die duivel was. Jesus het hulle kragdadig gewaarsku teen hierdie besondere vorm van Godslastering: “Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering sal die mense vergewe word, maar die lastering teen die Gees sal die mense nie vergewe word nie. En elkeen wat 'n woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, in hierdie eeu nie en ook in die toekomstige eeu nie” (Matthéüs 12:31-32).

Dit is nodig dat ons almal op daardie waarskuwing ag slaan. Let op die apostel Paulus se waarskuwing aan Christene: “Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oornie” (Hebreërs 10:26).

Die opsetlike sondaar is hardnekkig. Hy of sy het 'n gewete wat ingestel is om kwaad te doen. Hierdie soort sondaar sal nooit eers daaraan dink om

homself te bekeer en te begeer om terug te keer na God se lewenswyse nie (vgl. 1 Timótheüs 4:2). Die onboetvaardige goddelose is nie verblind soos die res van die wêreld nie; anders as die onkundiges, het hulle “kennis van die waarheid”. Hulle weet wat die uitwerking van Christus se offer is en tog ontheilig hulle dit doelbewus. Sulke mense het “'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer” (Hebreërs 10:27).

“As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuie van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?” (Hebreërs 10:28-29).

U kan Christus nie onder u voete vertrap as u nog nooit waarlik van Hom gehoor het nie. U kan nie kwaadpraat oor iets waarvan u nie weet nie. Een van die mees vertroostende en bemoedigende waarhede van die Bybel is dat die meeste mense deur die geskiedenis heen – individue wat volgens baie mense vir ewig verlore is – in werklikheid geestelik verblind was. Die meeste van die miljard mense wat geleef en gesterf het, het nog nooit eers die naam van

Jesus Christus gehoor nie. Selfs die meeste mense wat Sy naam gehoor het, het nog nooit waarlik gehoor wat Hy verkondig het nie, naamlik die ware Evangelie van die Koninkryk van God. Sonder God se Waarheid was hierdie mense beslis vleeslik en wêrelds. Sommige van hulle was selfs boos. Hulle sal beslis geoordeel word soos wat die goddelose mense van Sodom en Gomorra geoordeel was. Het hierdie verblinde mense dan die onvergeeflike sonde gepleeg? Jesus het gepraat van die mense in die stede wat hulle moes bekeer tydens die prediking van Sy dissipels: “Voorwaar Ek sê vir julle, dit sal vir die land van Sodom en Gomorra verdraagliker wees in die oordeelsdag as vir daardie stad” (Matthéüs 10:15). Dit dui daarop dat selfs die goddelose mense van Sodom en Gomorra hulle geleentheid sal hê om gered te word. Net soos die miljard mense wat in onkunde oor die boodskap van Christus geleef en gesterf het. Vir hulle berei God die Groot Wit Troon oordeel voor (Openbaring 20:11-15), waar hulle vir die eerste keer die Waarheid sal ontvang en hulle eie geleentheid sal hê om dit te aanvaar of te verwerp.

### **Is u besig om u hart te verhard?**

U wonder miskien: *Hoe en waarom sou iemand die verskriklike keuse maak om die Heilige Gees te belaster en tot doelgerigte, opsetlike rebellie teen God oor te gaan?* Mnr. Herbert W. Armstrong, ons voorganger in

hierdie werk, het beskryf hoe daardie doelbewuste keuse gemaak kan word: “Dit kan dalk voortspruit uit verkeerde denke; van 'n verkeerde begeerte wat bedink is en oorgaan in 'n finale vaste, permanente besluit aangaande Sy *lewenswyse*; of om in sy hart *wrewel* te koester teenoor óf God óf iemand wat hom kwaad aangedoen het. Om toe te laat dat *wrewel* hom verbitter, totdat hy sy hele lewenspad verander en homself van God distansieer” (*What Do You Mean – “The Unpardonable Sin”?*, bl. 34, 1972).

Dit gebeur selde dat iemand een oggend wakker word en besluit: “Vandag gaan ek myself heeltemal van God distansieer”. Dit gebeur dikwels geleidelik en begin met 'n verharde en voortdurende verwaarlosing van ons geestelike prioriteite. Sodanige verwaarlosing sal lei tot 'n “traak-my-nie-agtige” houding – 'n gesindheid wat kan lei tot 'n verharde hart en die onvergeeflike sonde. “DAAROM moet ons des te meer ag gee op wat ons gehoor het, dat ons nie miskien wegdrywe nie” (Hebreërs 2:1). Anders, “hoe sal ons ontvlug as ons so 'n groot saligheid veronagsaam” (vers 3)? Ja, as Christene moet ons onself daartoe verbind om die Here te soek terwyl Hy gevind kan word. Volhard in gebed en Bybelstudie. Kies om geestelik wakker te bly. Ons moet daartoe verbind wees om geestelik aktief en oplettend te bly!

### **Vermy bitterheid!**

Gekrenkte gevoelens lei dikwels

tot wrokkigheid en dit verander in haat en bitterheid. Dra u 'n wrok en is haatdraend teenoor iemand? Ons moet altyd waak teen sulke gevoelens. Onthou: “Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie ...” (1 Johannes 3:15). Indien u sulke gevoelens koester, is dit nodig dat dit oorwin word, deur te kies om God te vrees en om die erns van haat en *wrewel* te verstaan.

In die Bergpredikasie het Jesus 'n ander teenmiddel gegee vir gevoelens van haat en die begeerte om wraak te neem.

“Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges” (Matthéüs 5:43-45).

Hoe belangrik is hierdie opdrag? Onthou wat Jesus ons leer in Sy modelgebed – dikwels die Onse Vader genoem: “en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe” (Matthéüs 6:12). Bid u so?

Vergewe u *ander mense* met dieselfde ywer waarmee u wil hê dat God aan u Sy vergifnis skenk?

Ja, hierdie is 'n totaal ander lewenswyse. Dit is in teenstelling met vandag se selfsugtige, hebsugtige, “ek-eerste” filosofie. Dit is egter die lewenswyse wat die Seun van God ons leer en die lewenswyse wat almal in die Millennium sal aanleer – Christus se toekomstige duisendjarige heerskappy op aarde. Probeer dit! Staan letterlik op u knieë en bid vir die welstand van iemand wat u selfs haat. U sal verbaas wees oor die verligting van spanning wat u sal ervaar. Natuurlik kan sommige van ons wat ouer is, gesondheids-toestande hê wat dit moeilik maak om op ons knieë te bid. Doen dus wat u kan en weet dat God die gesindheid van u hart ken, selfs al is u net figuurlik “op u knieë”.

Wanneer u bid, vertrou dat God volgens Sy oordeel, onreg sal wreck. Soos die apostel Paulus skryf: “Moenie julle wreck nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here” (Romeine 12:19). Wanneer ons tyd aanbreek, moet ons almal voor die regterstoel van Christus staan (Romeine 14:10). Vertrau God om die goddelose te straf, net soos wat Hy sê Hy sal.

### **Wees 'n vredemaker!**

Slaan ag op nog een sleutel om bitterheid te oorwin: “Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder

niemand die Here sal sien nie; en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie” (Hebreërs 12:14-15).

Jesus sê in die Berg-predikasie: “Salig is die vrede-makers, want hulle sal kinders van God genoem word” (Matthéüs 5:9). Hy het ook gesê: “[D]oen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg” (Matthéüs 5:44). Sal u Sy uitdaging aanvaar? Sal u uself voor God verootmoedig en vir u vyande bid? Dit is al 'n groot stap in die rigting van oorwinning oor enige wortel van bitterheid wat u mag hê.

'n Mens kan ook die Heilige Gees verloor en die weg volg na die onvergeeflike sonde deur voortdurende verwaarlosing. Verwaarloos u gebed, Bybelstudie en samesyn met bekeerde Christene?

Hierdie wêreld vereis soveel van ons aandag dat ons van ons geestelike prioriteite afgelei kan word. Wat is u persoonlike doel in die lewe? Jesus het gesê: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Matthéüs 6:33). Volgens ons Verlosser behoort dit ons doel in die lewe te wees! Wanneer ons ons geestelike prioriteite verwaarloos, lei dit tot geestelike swakheid en laat ons kwesbaar vir die bitterheid wat uiteindelik

kan veroorsaak dat ons God verwerp.

### **Hoop vir u toekoms!**

Nadat God Sy beloftes aan die aartsvader Abraham gegee het, het dit op die oog af gelyk asof die vervulling van hierdie beloftes onmoontlik was. Let egter op wat die Bybel oor Abraham se gesindheid sê: “Hy het teen hoop op hoop geglo dat hy vader sou word van baie volke volgens wat gesê was: So sal jou nageslag wees” (Romeine 4:18).

Abraham het *teen alle hoop, in hoop geglo* – die Nuwe Vertaling stel dit so: “Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo”. Daar is egter nie net hoop nie, maar ook *belofte* – die belofte van 'n nuwe wêreld, die Koninkryk van God op aarde en die duisendjarige regering van Jesus Christus. Jesus het beloof om na die aarde terug te keer en 'n blywende wêreldwye vrede te vestig. Die Bybel is gevul met God se beloftes aan u. U kan sekerheid hê, 'n verwagting en 'n hoop vir die toekoms. Paulus het verder gesê: “Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër verwas, naby gekom deur die bloed van Christus” (Efésiërs 2:13).

### **Verbind uself tot verandering!**

Wanneer u van God afgesny voel, *kan u versoen raak!* U kan hoop hê. Deur die bloed van Christus kan u nader aan God gebring word. Indien u advies

van 'n leraar wil hê, skakel of skryf aan die streekkantoor die naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif.

Indien u daartoe verbind is om u lewe te verander en indien u werklik jammer is oor u sondes en u wil regtig bekeer, sal u vergewe word. 'n Noodsaaklike sleutel om die onvergeeflike sonde te vermy, is om altyd 'n berouvolle gesindheid te hê. “As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtheid te reinig” (1 Johannes 1:9).

Dit is nodig om ons sondes aan ons God en Verlosser te bely. Ja, God wil na aan u wees – nie net aan die mense wat deur die wêreld as “belangrik” of “spesiaal” beskou word nie. Dink aan die Evangelieboodskap van die tollenaar van wie Jesus gesê het dat hy, éérder as die Fariseër, geregverdig na sy huis gegaan het. Hy het gebid: “o God, wees my, sondaar, genadig!” (Lukas 18:13-14). Indien u aan uself dink as 'n nederige sondaar wat opreg vergifnis begeer, het u nie die onvergeeflike sonde gepleeg nie en ja, u kan vergewe word!

Mag God u help om Hom heelhartig te soek, want Hy kan u sondes vergewe en u van alle ongeregtheid reinig. Wanneer ons hierdie berouvolle gesindheid handhaaf, kan ons weet dat ons nie die onvergeeflike sonde gepleeg het nie en dit nie sal pleeg nie! **WvM**

# Dit is Londen wat roep

## Die Slag van Brittanje [The Battle of Britain]: Goddelike ingryping

Deur Simon R. D. Roberts

My oorlede skoonpa het in 1940 as agtjarige seuntjie, in verbystering beleef hoe die Slag van Brittanje oor die suide van Engeland gewoed het. Brittanje se oorlewing het afgehang van hierdie luggeveg en dapper vlieëniers het gesukkel om die inval [vanuit Duitsland] te voorkom. Die moedige pogings van die vlieëniers – net 'n paar manne – het in hulle *grootste oomblik* uiteindelik die verloop van die Tweede Wêreldoorlog vir *baie* mense laat draai. Beplanning en voorbereiding was die sleutel tot sukses, maar die geskiedenis vertel ons ook van 'n – wat deesdae verwaarloos word – krag wat selfs op nasionale vlak werk om die oënskynlik onmoontlike oorwinning te behaal. Wanneer ons die beslissende gebeure van 1940 in die lig van God se Woord oordink, watter lesse kan ons vandag leer en toepas?

Die naderende Duitse leër se *blitzkrieg*-besetting van Frankryk, België, Holland en Luxemburg vroeg in die somer van 1940, het beteken dat Brittanje volgende aan die beurt was. 'n See-aanslag oor die Engelse kanaal het onafwendbaar gelyk. Brittanje was op die punt om die laaste verdedigingslinie te word teen wat premier Winston Churchill “die bedreiging van tirannie” genoem het. Die Duitse opperbevel het besluit dat heerskappy in die lug noodsaaklik vir hulle oorwinning was en in Augustus 1940 het hulle verwag om dit te wen deur die Koninklike Lugmag (RAF) in 'n

kwessie van 14 tot 28 dae te vernietig.

**“Hy sal ons op hierdie eiland moet breek”**

Die Slag van Brittanje, wat van 10 Julie tot 31 Oktober 1940 daardie jaar geveg is, is deels uitsonderlik omdat die naam daarvan kom van 'n toespraak wat Churchill gelewer het *voordat* die konflik selfs nog begin het. Op 18 Junie 1940 het Churchill verklaar.

Wat Generaal Weygand die Slag van Frankryk genoem het, is verby. Ek verwag dat die Slag van Brittanje nou sal begin. Die voortbestaan van die Christelike beskawing hang van hierdie geveg af ... Hitler weet dat hy ons op hierdie eiland sal moet breek of die oorlog verloor. Indien ons teen hom kan opstaan, kan die hele Europa vry wees ... Laat ons ons dus staal vir ons pligte en onself so handhaaf dat, indien die Britse Ryk en sy Statebond nog duisend jaar sou voortduur, mense nog steeds sal sê: “Hierdie was hulle *grootste oomblik*”.

Churchill se effektiewe gebruik van die Engelse taal het die hele nasie gemotiveer om bo die situasie uit te styg. “Die land het op sy eie manier gereageer op die uitsonderlike opofferings

wat die vlieëniers gemaak het: Grondpersoneel het vliegtuie regdeur die dag en nag gediens, terwyl burgerlikes bygedra het tot *Spitfire*-fondse – vrywillige skenkings wat in 1940 ongeveer £1 miljoen per maand beloop het om meer vliegtuie te bou” (Simon Schama, *A History of Britain*, volume 3, bl. 522, 2002).

Die beplanning en versienheid onder die *RAF*-leierskap het dit moontlik gemaak dat daar deeglike voorbereidings getref kon word onder *Air Chief Marshal* Sir Hugh Dowding, Nuut-ontwikkelde radartorings wat by opsporingstasies langs die oos- en suidkus van Engeland in posisie geplaas is, het die opsporing van vliegtuie vergemaklik en kon waarskuwings gee teen naderende vliegtuie, selfs nog voordat hulle die Kanaal oorgesteek het. Lede van die *Royal Observer Corps* by die kus het daarna die getalle en ander besonderhede visueel bevestig. Hierdie inligting is direk aan die Vegters-bevel Hoofkwartier (*Fighter Command Headquarters*) oorgedra om die reaksie van verskillende groepe vegvliegtuie te koördineer. Hierdie “*Dowding-stelsel*” het verseker dat meer as 75 persent van die vegvliegtuie wat inderhaas opgestyg het, hulle aangewese teikens in die lug opgespoor het.

Teen laat Augustus 1940 is bewys dat dagligaanvalle minder effektief is as wat verwag was. 'n Belangrike Duitse taktiese besluit was geneem om vliegvelde te ignoreer en eerder

op die bombardering van Londen te fokus. Dus het 'n paar honderd RAF-vegvlieëners effektief bygedra tot die uitstel en latere kansellering van die Duitse inval. Churchill het op 20 Augustus in die Laerhuis met die beroemde woorde afgesluit: “*Nog nooit op die gebied van menslike konflik is so baie dank verskuldig deur so baie mense aan so min mense nie*”. Sommige mense het hierdie aanhaling gebruik om 'n mitologie rondom die geveg te ontwikkel, naamlik dat 'n swak voorbereide, dapper klein lugmag teen 'n oormag beter georganiseerde vyand geveg het, maar die skrywer James Holland betwis hierdie perspies:

Brittanje was baie beter voorberei as wat voorgestel word in die legende en die Slag van Brittanje is gewen omdat Brittanje gereed en voorbereid was om so 'n stryd aan te durf. Hulle het die wêreld se eerste en enigste ten volle gekoördineerde lugverdedigingstelsel gehad, vliegtuigproduksie wat Duitsland in 'n verhouding van 2:1 oortref het en het die middele gehad om 'n uitgerekte oorlog te veg (“*It's Time to Shatter the Myths of the Battle of Britain*,” *London Daily Telegraph*, 15 September 2015).

Nadat 56 Duitse vliegtuie op 15 September 1940 neergeskiet is, het dit geblyk die keerpunt in die konflik te wees. Aan albei kante was die verliese gedurende die geveg van drie-en-'n-half maande verbysterend, met 'n geraamde totaal van ongeveer

1,000 RAF-vegvliegtuie en 2,000 Luftwaffe-vliegtuie wat neergeskiet is.

Benewens al hierdie voorbereiding en opleiding, het 'n belangrike pleidooi egter die verskil gemaak en die uiteindelijke sukses van die hele veldtog verseël.

### 'n Versoek vir ingryping

Min mense weet egter vandag van Sir Hugh Dowding se belangrike stelling: “Ek sê met absolute oortuiging dat ek die ingryping van God kan waarneem, nie net in die slag self nie, maar ook in die gebeure wat daartoe gelei het ...” By 'n ander geleentheid het Dowding opgemerk: “Aan die einde van die stryd het mens die gevoel gehad dat daar 'n spesiale Goddelike ingryping was om die verloop van die reeks gebeure te verander wat andersins sou plaasvind. Ek sien dat hierdie ingryping nie op die laaste nippertjie gebeur het nie ... dit was alles deel van die magtige plan” (W.B. Grant, *We Have a Guardian*, bl. 13).

Waarom die ingryping? Koning George VI het 'n nasionale dag van gebed op 8 September aangevra, op die hoogtepunt van die luggeveg. Die mense het die koning se versoek om voorbeding vir verlossing heelhartig gesteun en rye mense het buite kerke regoor die land gestaan. Die Britte is ongetwyfeld aangemoedig deur die uitslag van 'n vroeëre dag van gebed op 26 Mei, toe meer as 338,000 terugvallende soldate 'n gewisse vernietiging by Dunkirk vrygespring het.

Die meeste Britte is deesdae deel van ons “na-Christelike” wêreld en betwyfel selfs dat God bestaan, laat staan nog dat Hy aan die stuur van wêreldsake is. Dat die Britse bevolking van 80 jaar gelede gesamentlik om

Goddelike leiding gevra het en hulle afhanklikheid aan God se oppergesag erken het, lyk vir die meeste mense vandag vreemd en agterlik. Tog, as 'n leser van die *Wêreld van Môre-tydskrif*, is u miskien een van die min mense wat hierdie denkwysie as onontbeerlik in ons lewens erken.

Bybelprofesie voorspel 'n skrikwekkende toekoms vir nasies wat hulle van God af gedistansieer het (Deuteronomium 8:11-20; Levitikus 26:15-17, 19, 33, 37-38). Moses het die Israëliete gewaarsku om Hom nie te vergeet of op te hou om Sy Gebooie te onderhou nie, sodat Hy nie Sy aangesig teen hulle draai en toelaat dat hulle vyande hulle verslaan nie. God *is* besig om Sy doel hier op aarde uit te werk en Sy hand lei werklik die lot van nasies (Daniël 4:17, 25, 32).

'n Kommerwekkende toekoms wag op vandag se generasie, tensy ons as volk bereid is om tot inkeer te kom en ons tot God te wend. Terwyl Hy met koning Salomo gepraat het, het die Ewige God dit baie duidelik gemaak *hoe* ons 'n regte verhouding met Hom kan herstel: “... en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en my aangesig soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal Ék uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees” (2 Kronieke 7:14).

Ons kan bid dat ons nasies wakker sal skrik, maar selfs al sou hulle dit nie doen nie, kan u *persoonlik* uself verootmoedig, u bekeer en nader aan God leef en *seëninge daarvoor ontvang*. Indien u sêlf na daardie ingryping verlang, lees ons boekie *Twaalf Sleutels tot Verhoorde Gebed* by [wvm.co.za](http://wvm.co.za) of bestel u eie gratis eksemplaar. **WvM**

# Vrae & Antwoorde

## Hoe kan die oordeelsdag “draagliker” wees vir sommige mense?

**VRAAG:** Terwyl Jesus Sy gehore toegesprek het tydens die eerste eeu, het Hy soms vir hulle gesê dat die oordeelsdag “verdraagliker” sal wees vir die sondige mense van Sodom en Gomorra (Matthéüs 10:15) asook vir dié van Tirus en Sidon (11:21-24) as vir baie van daardie mense wat Sy boodskap tydens Sy bediening op aarde gehoor en dit verwerp het. Hoe is dit moontlik? Indien al hierdie mense geoordeel en veroordeel was, hoe kan sommige mense dit dan makliker hê as ander in die oordeelsdag?

**ANTWOORD:** God het daardie stede vernietig om van hulle 'n voorbeeld en 'n waarskuwing te maak “vir die wat in die toekoms goddeloos sou wees” (2 Petrus 2:6). Die meeste mense van vandag besef nie hoe sulke strawwe uit die verlede inpas by God se plan vir die mensdom nie. Toe Jesus gesê het dat die oordeelsdag vir Sodom, Gomorra, Tirus en Sidon meer draaglik sou wees, het Hy geopenbaar dat die inwoners van hierdie stede nog nooit die geleentheid gehad het om Sy boodskap te verstaan nie.

Hoe kan ons dit verstaan? Ons moet besef dat, soos die Nuwe Testament verduidelik, daar drie verskillende “tydperke van oordeel” vir die mensdom is. Die apostel Petrus het die eerste oordeelstydperk só beskryf: “Want die tyd is daar dat die oordeel moet begin by die huis van God. En as dit eers by ons begin, wat sal die einde wees van die wat aan die evangelie van God ongehoorsaam is?” (1 Petrus 4:17).

Hierdie is die “Kerkydperk”, die eerste oordeelsperiode. Petrus noem die Kerk “die huis van God” – ware Christene wie se oë oopgemaak is om die boodskap van Christus te verstaan. Jesus hou Sy dissipels aanspreeklik vir hierdie kennis en verwag dat hulle geestelike vrugte sal dra (Matthéüs 25:14-30; 2 Petrus 1:1-9; Johannes 15:1-10). Ware Christene word in hierdie leeftyd beoordeel volgens hulle werke en gehoorsaamheid aan die Woord van God (1 Petrus 4:17; Openbaring 22:12).

Die volgende oordeelsperiode is die “Duisendjarige Vrederyk”. Bybelprofesie wys dat Jesus Christus binnekort sal terugkeer en Sy Koninkryk op aarde sal vestig vir 'n tydperk van 'n duisend jaar (Openbaring 20:2-6). Dan sal al die nasies na Jerusalem kom, die wêreldhoofstad van Christus se Regering, om geleer te word (Jesaja 2:1-4). Die hele wêreld sal blootgestel word aan die wonderlike Waarheid en volmaakte lewenswyse

van God – “want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek” (Jesaja 11:9). Gedurende hierdie tyd sal God Sy heilige en regverdige Wette in die harte van mense skryf deur middel van die Heilige Gees (Hebreërs 8:10-12). Net soos tydens die “Kerkydperk”, sal mense beoordeel word volgens hulle gehoorsaamheid aan die Woord van God.

Die derde en finale oordeelsperiode kan die “Laaste Oordeelsperiode” genoem word – die boek Openbaring noem dit die groot Wit Troon oordeel (Openbaring 20:11-12). In hierdie tydperk sal miljarde mense wat in onkunde oor God se Waarheid en Sy lewenswyse geleef en gesterf het, weer tot fisiese lewe opgewek word (Eségiël 37:1-14). Vir die eerste keer sal hulle oë oopgemaak word vir die Waarheid en hulle sal hulle eerste werklike geleentheid hê om gered te word.

Jesus Christus het verduidelik dat die manne van Ninevé en die koningin van die Suide saam met die mense in Sy gehoor in die toekoms opgewek sal word en hulle sal diegene van Jesus se tyd veroordeel, wat Sy boodskap gehoor en verwerp het (Matthéüs 12:41-42). Dink net aan die omvang van die tyd van oordeel wat Jesus beskryf! Miljarde mense deur die eeue van die geskiedenis heen van die mensdom, sal saam lewe om God se lewenswyse aan te leer en dit te vergelyk met hoe hulle voorheen sonder God geleef het. Miljoene mense glo vandag verkeerdelik dat God óf wispelturig is en miljarde mense wat nooit eers Sy verkondigde boodskap gehoor het nie na die verdoemenis sal stuur óf dat Hy inkonsekwent is en redding sal gee aan sommige mense wat nog nooit Sy Evangelie gehoor het nie. Die waarheid is baie meer inspirerend! Om meer te wete te kom van God se plan vir ons almal ná die dood, vra asseblief vir ons gratis boekie, *Wat gebeur wanneer u sterf?*

WVM

# Die werke van Sy hande

## Lewe is in die bloed

Deur Wallace G. Smith

Ons kan dit nie sien nie, maar ons weet dat dit daar is – onder ons vel. Indien dit nie so was nie, sou ons dood gewees het!

Ons bloed – die ryk, rooi stof van lewe – vloei voortdurend deur ons bloedsomloopstelsel en hou ons lewendig. Hoe doen bloed dit? Waarom is bloed so belangrik en presies wat doen dit vir ons?

Bloed speel veelvuldige rolle om lewe moontlik te maak – een stof wat vernuftig ontwerp is om vele doeleindes te dien. Miskien kan 'n denkbeeldige scenario ons help om dit te verstaan.

Gestel dat 'n jong seun in die somer op die speelgrond 'n korfbal-speletjie saam met 'n paar vriende speel. Nadat 'n spanmaat die bal vir hom gegooi het, hardloop hy tussen verdedigers deur na die doelpaal om 'n doel aan te teken. Op sy pad bots hy teen 'n ander speler en hulle val op die grond. Die ander seuns help hulle twee vriende op en gee elkeen 'n klop op die rug. Voordat hy weer begin speel, merk hy op dat sy elmboog effens bloei, maar nie veel nie. Onbesorg vee hy die bloed af en hardloop haastig terug terwyl hy heeltyd glimlag.

Die jongman besef dit miskien nie, maar die merkwaardige ontwerp van menslike bloed het 'n belangrike rol gespeel om sy spel en sy lewe op ten minste vyf verskillende

maniere moontlik te maak – vyf take wat bloed elke dag vir ons móét verrig.

### Vervoer en ruil stowwe uit

Bloed dien as die liggaam se vervoerstelsel. Elkeen van die 20 tot 40 biljoen selle ontvang voortdurend suurstof en lewensbelangrike voedingstowwe en sorg dat afvalprodukte verwyder word deurdat bloed deur die uitgebreide, veselagtige netwerk van are, slagare en haarvaatjies vloei wat dwarsdeur die liggaam loop.

Ons korfbalspeler se spierselle word deur die voedingstowwe gevoed wat bloed vanaf die spysverteringstelsel vervoer, asook die hormone wat sy liggaam reguleer en motiveer. Adrenalin om sy hartklop te versnel en sy spiere gereed te kry, proteïene om sy gebeente en weefsels te bou en in stand te hou en brandstof wat verkry is uit die ontbyt wat hy vroeër geëet het en dit word alles sonder ophou na sy honger selle vervoer, terwyl hy homself na die doelpaal voortdryf.

Namate hy meer eise aan sy spiere stel, vereis dit meer suurstof om brandstof te kan verbrand. Sy longe neem lug in en dit is die bloed – spesifiek die hoogs gespesialiseerde selle wat *eritrosiete* genoem word of meer eenvoudig, *rooibloedselle* – wat die suurstof vervoer na waar dit benodig word. Hierdie

eritrosiete wat in ons beenmurg vervaardig word, lyk soos gladde, simmetriese skywe, met 'n bakvormige inkeping in die middel van albei kante. Anders as ander selle in die liggaam, het eritrosiete geen sentrale kern nie. Dit bevat die proteïen *hemoglobien*, wat suurstof uit die longe neem en die suurstof aan ander selle voorsien waarmee dit in aanraking kom tydens hulle reis deur die liggaam, terwyl dit deur selfs die kleinste mikroskopiese bloedvaatjies beweeg, sodat geen sel van die suurstof ontnem word wat dit voortdurend benodig nie.

Sodra dit by 'n sel kom, verruil die eritrosiet sy suurstof vir koolstofdiksied, wat die liggaam se selle as 'n afvalprodukt lewer en vervoer dit na die longe, wat dit vrystel om uitgeasem te word en wat 'n vars hoeveelheid suurstof aan die selle aflewer vir die volgende rit. Saam met koolstofdiksied vervoer bloed ander afvalprodukte na die lewer en niere, wat daardie afvalstowwe uit die bloed suiwer sodat dit met die reis kan voortgaan en meer stowwe kan vervoer.

### Verseël lekkasies, mobiliseer troepe en hou dinge koel

Nog twee sleutelrolle wat ons bloed vervul, het ingeskop die oomblik toe ons belowende jong korfbalspeler sy elmboog beseer het.

Die oomblik toe bloedvate



stukkend gebreek het, het bloed sy werk begin doen om die stukkende plek te seël. Strukture in die bloed, soos *bloedplaatjies*, wat ook *trombosiete* genoem word, het by die plek begin ophoop waar die bloedvate beseer is. Die bloedplaatjies, wat ook in die beenmurg vervaardig word, reageer op seine van 'n beskadigde bloedvat deur iets soos tentakels uit te stoot, sodat dit aanmekaar kan heg en die opening kan “herstel”. Terwyl hulle dit doen, stuur hulle bykomende seine na die bloed uit om meer bloedplaatjies te voorsien en vorm uiteindelik 'n klont wat die bloed laat stol en die opening verseël, die bloed binnehou en die liggaam die geleentheid gee om te genees.

Die werking van bloedplaatjies word *vernuftig* deur die liggaam gereguleer. Indien 'n mens se bloed te stadig stol, kan dit nie net tot infeksie lei nie, maar 'n mens kan doodbloei. Indien 'n mens se bloed egter te vinnig of te maklik stol, kan dit gevaarlike klonte veroorsaak wat ander dele van die liggaam kan beskadig of beroerte kan veroorsaak. Menslike bloedstolling is 'n verstommende fyn ingestelde meganisme, wat die noukeurigheid van 'n liefdevolle Skepper en geniale Ontwerper demonstreer!

Ons korfbalspeler is egter nog nie buite gevaar nie. Die oomblik toe hy sy elmboog gesny het, kon organismes buite sy liggaam – soos byvoorbeeld verskillende mikroskopiese bakterieë – sy liggaam binnegedring het, wat moontlik 'n lewensgevaarlike infeksie kan

veroorzaak.

Sy bloed is egter reeds aan die werk! Volgende aan die beurt is die *witbloedselle* of *leukosiete*, wat hulle daaraan toewy om indringers te vernietig en om 'n mens veilig te hou teen onbeheerbare infeksie. Witbloedselle speel 'n beslissende rol in een van die groot wonderwerke van die skepping: U immuunstelsel wat in meer besonderhede bespreek is in 'n vorige artikel, “*Oorlogvoering onder u vel*” (Wêreld van Môre 2019). Dit is voldoende om te sê dat u bloed oor 'n mikroskopiese troepemag beskik wat voortdurend op die uitkyk is vir die teenwoordigheid van enigiets wat nie daar hoort nie. Sonder hierdie immer-gemobiliseerde troepemag sou ons lewens kort en pynlik gewees het!

Uiteindelik, wanneer ons belowende korfbalspeler van die grond af opgehelp word, vee hy 'n bietjie sweet van sy voorkop af. Hy kry warm! Hier sien ons weer dat bloed tot ons diens is op 'n manier waaraan ons byna nooit eers dink nie. Waar ons sweet, koel ons vel af. Bloedselle wat hitte vanaf die binnekant van ons liggame vervoer, vloei deur hierdie koeler areas van ons swetende vel – stel hulle hittevoorraad vry en neem koeler temperature terug na die kern van die liggaam en verkoel dit. Op koue dae doen ons bloedsomloopstelsel die teenoorgestelde en voer bloed verder van die vel af weg en help die liggaam om meer van sy hitte te behou.

Deur sy uitgehongerde selle voortdurend te voed en van

brandstof te voorsien, gifstowwe en afvalprodukte weg te voer, dadelik enige snye te heel en te verseël, stukkende dele met verdedigende troepe binne te stroom en om die jong korfbalspeler se liggaam teen 'n veilige temperatuur te hou is die bloed van ons jong korfbalspeler hard aan die werk en doen voortdurend alles moontlik om hom in die spel te hou.

### Dieper lesse

Ons kon tot nog toe nie alles wat bloed in staat is om vir ons te doen, volledig naboots nie. Die rooi vloeistof wat deur ons are vloei, is 'n wonder van ingenieurswese en ontwerp en niks wat die mensdom kan maak, kan enigsins meeding met hierdie verstommende stof nie.

God sê dat lewe in die bloed is (Levitikus 17:11) – dit is nie verbasend as ons sien hoe noodsaaklik bloed vir ons oorlewing is nie! Nóg belangriker as dit is die geestelike werklikheid wat verwys na Jesus Christus. Terwyl ons eie bloed die kern van ons fisiese lewe is, is dit die gestorte bloed van ons Verlosser wat ons in staat stel om die ewige lewe vas te gryp aangesien Sy bloed ons van ons sondes reinig (1 Johannes 1:7) en die uiteindelige “afvalprodukt” van ons afwegneem.

Selfs nog baie meer as die vindingryke ontwerp en die verstommende vermoë van bloed om soveel verskillende funksies te verrig, hou dit vir ons dieper lesse in en wys ons verby hierdie fisiese lewe na die geestelike en ewige dinge van die Een wat dit geskape het. **WtM**

**Vervolg vanaf bladsy 14 – Staan Amerika voor 'n tweede burgeroorlog**

word op baie fronte uitgevoer: In die akademiese wêreld, in die media, in die politieke arena en in die linksgesinde korporatiewe kultuur. Baie mense is van voorneme om die geskiedenis van die land te herskryf, die grondwetlike gesag af te breek en algemene geweld op straat te veroorsaak. Vandag is die V.S. net 'n treetjie weg van 'n baie gevaarliker wêreld as wat die nasie in die gesig gestaar het gedurende die Eerste burgeroorlog. Baie mense verstaan dit, maar word so afgesit deur die nuus van COVID-19, verbranding van vlae en die politiek, dat hulle nie meer luister nie. Israel se poging om gedeeltes van die Wesoewer op hierdie tydskop te annekseer, is egter 'n duidelike aanduiding van die droewige toekoms wat baie lande vir Amerika in die vooruitsig stel.

Sal daar 'n teenreaksie wees van die “stomme meerderheid” soos daar in die New York Stad se “*Hard Hat Riot*” in 1970 was? Indien wel, op watter wyse sal dit dan voorkom en in watter vorm? Laat ons hoop en bid dat dit nie in die vorm van verdere geweld sal wees nie.

**Waarom gebeur dit? Waarom nou?**

Amerika was nog nooit die godvresende nasie soos wat baie mense glo dit is of was nie, maar dit was ook nie die “groot Satan” waarvan ander mense hulle al beskuldig het nie.

Amerika *het* egter hulle rug gedraai op die kerngesin en ander waardes wat diep gewortel is in Bybelse moraliteit. Die agteruitgang het in die afgelope dekade met menig toegeneem en die verval neem al vinniger toe. Morele agteruitgang is natuurlik nie net 'n Amerikaanse verskynsel nie. Dit lyk asof al die nasies van Britse afkoms op dieselfde pad is en die Bybel waarsku oor wat sal gebeur as ons voortgaan om ons van God se Wette te distansieer.

Die profeet Jesaja stel 'n vraag wat baie meer relevant vir die V.S. en ander nasies van Britse afkoms is as wat die meeste mense besef:

“Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank ... Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by 'n omkering deur vreemdes ... Hoor die woord van die HERE, owerstes van Sodom! Luister na die wet van onse God, volk van Gomorra!” (Jesaja 1: 5, 7, 10).

Hy sê verder:

“En Ek sal seuns hulle

vorste maak, en moedswilliges sal oor hulle heers. En die mense sal mekaar verdruk, man teen man, en die een teen die ander; die seun sal die grysaard, die veragtelike sal die agbare stormloop ... Die drywers van my volk is kinders, en vroue heers oor hulle. o My volk, jou leiers is verleiers, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak.” (Jesaja 3:4-5, 12).

In werklikheid het die tweede Amerikaanse Burgeroorlog alreeds begin. Hoe lank sal dit duur en hoe gaan dit eindig? Selfs al het God antieke Israel telkens begenadig, het Hy gesê dat Sy geduld uiteindelik sal opraak en dat Sy volk hulleself sal vernietig en in ballingskap weggevoer sal word. Daar is egter goeie nuus vir diegene wat sal luister: “Dan sal julle daarvandaan die HERE jou God soek en vind as jy Hom met jou hele hart en jou hele siel soek. As jy in die nood is en al hierdie dinge aan die einde van die dae oor jou kom, sal jy na die HERE jou God terugkeer en na sy stem luister” (Deuteronómium 4:29-30).

Dat ons nasies na sulke waarskuwings sal luister, is buite ons beheer, maar ons kan kies om self te luister. **WvM**

**Besoek ons webwerf by: [www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur: [www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

vyande wees” (Matthéüs 10:36), rig Hy 'n uitdaging wat min mense bereid is om te aanvaar: Dit is om Hom bo alles te stel. Dit klink miskien maklik genoeg, maar is dit? Kyk na hierdie gedeelte: “Wie vader of moeder bo My liefhet, is My nie waardig nie; en wie seun of dogter bo My liefhet, is My nie waardig nie ... Wie sy lewe vind, sal dit verloor; en wie sy lewe verloor om My ontwil, sal dit vind” (Matthéüs 10:37, 39). Dit is geen wonder dat Hy sê die weg na die lewe is deur die nou poort en dit is die moeilike weg (Matthéüs 7:13-14).

Satan die duiwel, is 'n werklikheid en mislei die mensdom om 'n valse evangelie, 'n valse Jesus en 'n valse manier of gees van aanbidding te aanvaar (2 Korintiërs 11:4). Benewens die feit dat hy sy eie dienaars het wat hulleself as dienaars van geregtigheid voordoen (verse 13-15), word Satan “die owerste van die mag van die lug” genoem, wat “nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk” (Efesiërs 2:2) en “die hele wêreld verlei” [mislei] (Openbaring 12:9).

Gesinne ervaar konflik wanneer een lid besluit om van heidense familietradisies, wat mensgemaak is, af te sien en liever die tradisies wat deur God ingestel is te volg. Dit was waar in Jesus se tyd en dit is nog steeds waar in ons tyd. Ware Christelikheid volg nie die tradisies van die wêreld, waarvan baie direk uit die heidendom afkomstig is, nie. Dit is 'n ander soort lewenswyse wat gebaseer is op die opdragte van God. Daar is 'n groot beloning vir diegene wat dit nastreef, hoewel dit nie die maklike weg is nie.

'n Jong man het eenkeer na Jesus toe gekom en gevra wat hy moes doen om die ewige lewe te hê. Hy het klaarblyklik Jesus se antwoord as te veel van 'n uitdaging beskou en het bedroef weggegaan. Dit het Sy dissipels aangespoor om pertinent te vra: *Hoe kan ons daarby baat?* Jesus het verduidelik, “Voorwaar Ek sê vir julle dat julle wat My gevolg het, in die wedergeboorte wanneer die Seun van die mens op sy heerlike troon gaan sit, julle ook op

twalf trone sal sit en die twaalf stamme van Israel sal oordeel. En elkeen wat huise of broers of susters of vader of moeder of vrou of kinders of grond ter wille van my Naam verlaat het, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe beërwe” (sien Matthéüs 19:16-29).

Dit is moeilik vir ons om ten volle te begryp wat op die spel is. Ons kan vir 70 of 80 jaar “net vir vandag leef” en dit is dit of ons kan vir *môre* leef en die ewige lewe hê. Dood of lewe – dit is regtig so eenvoudig, selfs al is die gevolge van daardie keuse miskien nie so eenvoudig nie. Dit raak ingewikkeld omdat ons fisiese, tydelike wesens is wat geluk en pyn, vreugde en hartseer in die hier en nou ervaar. Dit is natuurlik om die maklike pad te volg. Indien ons egter die smal paadjie kies, sal dit *baie groter* belonings oplewer en dit bring ons terug na die onderwerp van my boodskap aan u: **Vrede**.

**'n Nuwe begin**

Die Bybel leer ons dat diegene wat by Sy Wederkoms aan Christus behoort, 'n duisend jaar saam met Hom op hierdie aarde sal leef en regeer. Dit is bloot die begin – maar wát 'n begin sal dit nie wees nie, want dit is wanneer vrede uiteindelik oor hierdie geteisterde planeet sal heers!

Satan en die gevalle engele wat hom in die opstand teen God gevolg het, heers tans oor die aarde. Talle Skrifgedeeltes bewys dit (bv. Johannes 12:31; 14:30; 16:11; Efesiërs 2:2; 2 Korintiërs 4:3-4; Lukas 4:5-7) en ons sien die resultate daarvan rondom ons. Dit sal verander wanneer Christus terugkom en Hy hierdie bese wese en sy onderdane verwyder. Dan sal hierdie “vors van die mag van die lug” *nie meer* die verloop van hierdie wêreld lei nie.

Selfs nou is Christus besig om nuwe heersers voor te berei om die plek van Satan en sy ondergeskiktes in te neem. Hierdie diepgaande waarheid naamlik dat God Sy diensknegte met posisies van heerskappy sal beloon, word in albei die Testamente gevind (Daniël 7:27; Lukas 19:16-

---

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

---

Onthou asseblief om in te skakel op  
***Tomorrow's World*** TV-program van  
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,  
**kanaal 263** op DStv.

19; Openbaring 20:4). Menslike pogings om vrede te bewerkstellig, sal misluk, maar 'n verandering kom wat min mense verstaan of verwag en dit hang nie af van ons begrip of aanvaarding daarvan nie. Dit gaan gebeur! Jesus is *waarlik* die Prins van Vrede en Hy bied aan u die voorreg om te help om Sy vrede na die wêreld te bring. Hy moet egter eers weet of u nou, volkome lojaal aan Hom sal wees en Sy lewenswyse bo alles sal kies. Enigiets minder as

dit sal nie deug nie.

Soos Jesus gesê het, "baie is geroep, maar min uitverkies" (Matthéüs 22:14). Met ander woorde, die aanbod sal uitgaan, maar min mense sal dit aanvaar. Die vraag op hierdie oomblik is: *Sal u?*



## Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
 Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS  
 9880**

**of skakel : 058 622 1424  
 en meld dat u navraag doen  
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**